# HOOFSTUK 5

# PRAKTYKTEORIE

**Strategiese voorstel vir 'n verbeterde praktykteorie in die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die tughandeling.**

## 5.1. Inleiding

'n Verbeterde praktykteorie word hier in Hoofstuk 5 aangebied as 'n oorspronklike bydrae tot die saak wat in hierdie studie ondersoek is. Dit volg op die hermeneutiese interaksie tussen die resultate van die empiriese ondersoek en die beskrywing van die literatuur-navorsing. Die insigte wat so bekom is, lei tot nuwe konsepte en dra by tot die herstel of aanpassing van die bestaande praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in die verwerking van skuld- en skandgevoelens.

My basiese uitgangspunt is dat dit die Kerk en al die gelowiges tot groter voordeel sal wees, indien die Kerk tydens die tughandeling alles binne sy vermoë sal doen om die predikant te behou vir die Kerk, eerder as om van die persoon ontslae te raak deur permanente verlies van ampsbevoegdheid.

God tree in verhouding met mense deur Sy Gestuurdes – Sy Seun en die Heilige Gees – om Sy Woord van hoop, genade en 'n nuwe lewe onder Sy koningskap te realiseer. Sy begenadigdes – die Kerk – word nou geroep om soos Hy te wees, en om in Sy plek en namens Hom, Sy Woord van hoop en genade te bemiddel aan die wêreld, maar ook aan mekaar.

Die vertrekpunt is dus nie die breekbare kleipotte nie, maar die genade van God wat Sy dienaars transformeer tot heiliges en regverdiges, wat met die paradoks moet saamleef dat hulle nog steeds sonde doen. Teen wil en dank sonde doen. Sonde tot oneer van God en onheil van die Kerk en tot skade van die gelowige self.

Met hierdie gelowige sondaar moet en wil God handel. Met hierdie gelowige sondaar moet en sal die Kerk handel. Selfs wanneer hierdie mens die amptelike, geestelike leier van die

gemeente is. Maar hoe? Volgens God se voorbeeld en volgens Sy Woord. In dié voorbeeld en met die Woord van Sy Seun Jesus Christus, die Hoof van die Kerk. Teologie en praktyk ontmoet, om die moeisame pad van gebroke menswees en geheiligde menswees saam te loop. Ook wanneer die pad deur die noutes van die tughandeling gevind moet word. Suiwer Gereformeerde Skrifwoord vereis suiwer Gereformeerde Skrifhandeling. Wanneer daar ‘n diskrepans ontstaan moet dit onverwyld reggestel word. Skrifwoord en Skrifhandeling kontroleer mekaar en die formele handeling wat hieruit voortvloei, is opbouend, herstellend, vergewensgesind, berouvol, transformerend en fokus op ‘n diensbaarheid binne en buite die Kerk.

Ontslag en verlies van ampsbevoegdheid moet die allerlaaste uitweg wees met ‘n predikant wat deur ‘n tugondersoek skuldig bevind word. Hierdie krisistyd moet eerder prosesmatig benut word deur die predikant om hom te bekeer, te transformeer en die roeping van God weer/opnuut te hoor. Die Kerk moet soos God wees en namens Hom optree in dienende, vermanende, leidinggewende hoedanigheid. Die krisis moet ‘n katarsis wees vir predikant en gemeente en betrokkenes.

Dit vrywaar nie die predikant om met “moord” weg te kom nie. Hy moet verantwoordelikheid aanvaar, die saak met God en mense uitklaar, met ‘n nuwe roepingsbewustheid weer beskikbaar wees vir die bediening – op dieselfde plek of andersins – en die Kerk kan hierdie proses op ‘n beter manier assesseer, moniteer en begelei. Omdat daar soveel op die spel is vir al die belanghebbende partye, is die kerklike tugproses uit die aard van die saak traumaties.

Hierdie ondersoek gaan van die voorveronderstelling uit dat die prosesse van Artikels 59-66 ‘n uiterste krisis in die lewe van die mense van die Kerk teweeg bring. Dit is wel te bedink dat die “angel” van die tughandeling, naamlik die destruktiewe negatiewe element daarvan beheer kan word, indien sekere teologiese en praktiese aspekte in aggeneem word. Die tughandeling kan ‘n positiewe, versterkende en geloofsopbouende geleentheid wees vir alle betrokke partye. Die evangeliedienaar se belewing van “slagoffer” kan grootliks omkeer in ‘n belewing van “versorgde”.

Drie vereistes vir so 'n geloofskatarsis is:

- 'n suiwer teologie van die Bybelse beginsels van die voltrekking van die tughandeling
- 'n praktyk wat deursigtig, objektief en meetbaar is en
- 'n gesamentlike geestelike- en pastorale geloofspad wat alle betrokkenes in die proses verryk en in hul geloof versterk.

Skande en oneer is 'n integrale deel van die belewing van die predikant tydens die tugproses in die N.G. Kerk. Daarmee gepaardgaande en onlosmaaklik verbonde, is die gevoelens van skuld en verlies. Hierdie gevoelens kan veral gedurende die drie prosesse van die tughandeling, maar ook baie lank daarna ervaar word as stigmatiserend, traumatiserend en marginaliserend.

Die predikant beleef hierdie gevoelens eerstens op amptelike, maar ook op persoonlike vlak. Die gevoelens woed verder in die dimensie van die teologiese, intellektuele, spirituele en emosionele aspekte van sy persoon. Dit omsluit die predikant se hele menswees en identiteit. Die effek hiervan vir die predikant is 'n afbrekende, bindende en immobiliserende negatiewe mag.

Dit is die hoë roeping van die Kerk om medeverantwoordelikheid te neem vir die proses van die tughandeling en vir die pastorale versorging van die evangeliedienaar. Die Kerk en verantwoordelike kommissies en vergaderings moet hierdie taak met die grootste nougesetheid en empatie beoefen, sodat Christus se liefde, vergifnis, genade en toekomsvisie vir die persoon(e) en Kerk daardeur realiseer. In die hede moet die negatiewe van die verlede afgehandel word en die deure na die toekoms moet ontsluit word.

Die sleutelmag van die Kerk moet ook aangewend word om met die verlede klaar te speel en dit te bind sodat die gelowiges saam 'n nuwe heerliker toekoms kan binnegaan. Die geloofsgemeenskap het nie alleen die verantwoordelikheid om tugmatig teenoor die predikant wat in sonde geval het op te tree nie, maar ook en veral om die proses van herstel te inisieer, te beplan, te begelei, te moniteer en af te sluit. Dit is die taak van die geloofsgemeenskap om die destruktiewe krisis af te takel en om die basis van vergifnis, hoop en verwagting te skep.

Die volgende vrae sal die struktuur en inhoud van die hoofstuk bepaal.

- Vraag 5(a) Hoe kan tugpastoraat 'n groter bydrae lewer tot die bereiking van die doelstellings van die tughandeling?
- Vraag 5(b) Wat is die bydrae van die verskillende ampte binne die Kerk in die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling?
- Vraag 5(c) Hoe kan die funksionele aspekte van die tugpastoraat tot sy reg kom binne die gebeure van die tughandeling?
- Vraag 5(d) Op watter wyse kan die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in 'n groter mate die kerklike karakter daarvan weerspieël?
- Vraag 5(e) Hoe kan 'n holistiese pastorale begeleidingsmodel groter stukrag verleen tot 'n verbeterde praktyk ten opsigte van die tughandeling van predikante?
- Vraag 5(f) Op watter wyse kan die tugpastoraat 'n rol speel in verantwoordbare optrede tydens die tughandeling?
- Vraag 5(g) Hoe kan deurlopende pastorale begeleiding die huidige praktyk tydens die tughandeling van predikante verryk?
- Vraag 5(h) Op watter wyse kan die Kerk in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling die intensiteit van negatiewe skuld- en skandgevoelens beperk en die suksesvolle verwerking daarvan vergroot?

Hierdie hoofstuk word dus gestruktureer rondom die begrip begeleiding. Die fokus is op pastorale begeleiding wat aan sekere vereistes voldoen. Die indeling van die hoofstuk weerspieël hierdie fokus. Hierdie bespreking is dan die voorstel tot 'n verbeterde praktykteorie.

- **Doelgerigte begeleiding.** Eerstens word die pastorale begeleiding van predikante ten nouste verbind aan die doelstellings van die tughandeling.
- **Amptelike begeleiding.** Tweedens word die amptelike karakter van begeleiding bespreek soos wat dit onderskeidelik in onderlinge sorg, amptelike prosedures deur gemeentebou en professionele pastorale intervensie, onderskei kan word.
- **Funksionele begeleiding.** Die funksie van pastorale begeleiding tydens die tugproses kom vervolgens aan die beurt. Hieronder word die uitkomste van genesing, bystand, begeleiding, versoening en koestering bespreek.
- **Kerklike begeleiding.** Vierdens word begeleiding bespreek as 'n weerspieëling van die kerklike aard en karakter daarvan. Dit sluit die eis van begeleiding volgens

die Woord en Belydenisskrifte in.

- **Holistiese begeleiding.** In die vyfde plek word die holisitese aard van die begeleidig van predikante tydens die tugproses onder oë geneem. Hiermee word die fisiese, psigiese, emosionele en geestelike eise verwoord.
- **Verantwoordbare begeleiding.** In die sesde plek word verwys na die toepassing van die kerkordelike prosedures en die billikheid en regverdigheid wat die begeleidingsproses sal kenmerk.
- **Prosesmatige begeleiding.** In die sewende plek word die eis van deurlopende begeleiding bespreek aangesien die begin en voltooiing van die tughandeling nie die begin en afsluiting van die pastorale begeleiding veronderstel nie. Die prosesmatige aard van die tughandeling en die tugpastoraat is van toepassing.
- **Beperkende- en verruimende begeleiding.** Laastens word die beperking van die negatiewe aspekte van skuld- en skandgevoelens bespreek deur te let op die beperking van die negatiewe aspekte daarvan en die vergroting van die suksesvolle hantering daarvan.

Ek vind aansluiting by Lyall (1995:95) wat ‘n eensydige siening van die pastoraat as onvoldoende beskou en ook dat daar slegs een praktiese benadering sal wees. Hierdie studie wil ‘n breër platvorm skep vir die pastoraat tydens die tughandeling.

## 5.2. <u>Doelgerigte begeleiding</u>

Vraag 5(a) is van toepassing. Hoe kan tugpastoraat ‘n groter bydrae lewer tot die bereiking van die doelstellings van die tughandeling?

Die tughandeling en die pastorale begeleiding soos wat dit van toepassing is op predikante, kan nie sonder deeglike verdiskontering van die doel van die optrede verstaan word nie. Indien die doel voor oë gehou word tydens die hantering van die proses van die tughandeling sal die ervaring sinvol wees en die verwerking positief verloop. Die empiriese navorsing het getoon dat respondente oorwegend negatief geoordeel het oor die bereiking van die doel van die tughandeling. Begeleiding sal dus moet fokus op twee aspekte ten opsigte van die doel van die tughandeling.

- Eerstens sal die doel deurentyd as die mikpunt en uitkoms van die proses gereken

word.

- In die tweede plek sal die begeleiding klem plaas op die bereiking van die doel as hoogste ideaal en strewe.

Dit beteken konkreet dat die volgende sake deurentyd op die agenda sal wees tydens toepassing van die tugproses en begeleiding.

### 5.2.1. Die eer van God.

'n Doel ten opsigte van God: dit is noodsaaklik en ononderhandelbaar dat diegene wat wel die tughandeling beleef, en al die betrokkenens, die belewing sal hê dat dit tot God se eer plaasvind. Soos met alle ander sake in die Kerk en geloofsgemeenskap staan die eer van God voorop. Die tughandeling kan nie beleef word as 'n "sirkus", of 'n proses wat maar "deurgedraf word", of 'n "karikatuur" wat ver verwyderd is van die eer van God nie.

### 5.2.2. Die heil van die Kerk.

'n Doel ten opsigte van die gemeente: die gemeente het die onvervreembare reg om nie slegs tydens die normale gang van sake bedien te word met 'n volle program waartydens die geestelike geloofsopbou voorrang geniet nie, maar ook en veral ook tydens traumatiese momente in die lewe van 'n predikant en die gemeente soos tydens die tughandeling.

Die geestelike en emosionele ontwrigting van die gemeente moet volledig verstaan en hanteer word. Die gemeentebediening moet voortgaan sodat die gemeente opgebou en toegerus sal wees vir hulle dienswerk en sodat die Here van die Kerk daardeur verheerlik sal word.

Net so behoort die welwese van die geloofsgemeenskap uiters belangrik geag te word tydens die tugproses. In alle gevalle het dit geblyk dat die gemeentes in die tyd van die tughandeling geestelik onversorgd gelaat is en dat daar letterlik maande verloop het sonder beplande en deurlopende bediening. Dit het 'n negatiewe uitwerking op die persoonlike geloofslewe van gemeentelede en ook op die algehele geestelike peil van die gemeente. Dit beïnvloed verhoudings negatief en dwing lidmate om na ander gemeentes te gaan waar die bediening ongestoord beleef kan word. Die finansiële posisie van gemeentes word ook

hierdeur geaffekteer en maak die voorsetting van die bediening na afloop van die tughandeling baie moeilik. Wanneer dit alles in aggeneem word, is dit duidelik dat die toepassing van die tughandeling en die begeleiding daar tydens, hoogste prioriteit sal geniet. Gemeentes funksioneer en groei omdat predikante geestelike werk verrig en die take vervul soos in Die Kerkorde (2007) aan hom opgedra. Wanneer hierdie persoon vanweë die tughandeling verhinder word om vir etlike maande nie sy ampspligte te vervul nie, veroorsaak dit grootskaalse probleme. Die Kerk sal nie ‘n dowe oor kan draai vir die roep van iemand om in hierdie tyd in die bres te tree en die werk voort te sit nie. Die bediening van brugpredikante kan grootliks voorkom dat die “heil van die Kerk”, as tugdoel, versaak word. Dit sal ook die toekomstige bediening van die herstelde ampsbevoegdheid en voortgesette bediening vergemaklik.

Volledig ingeligte gemeentelede sal beter in staat wees om met die uitdagings van die tughandeling te handel as mense wat uitgesluit en ongingelig is. Hulle sal in staat wees om perspektief te behou en om hul taak as onderlinge sorggewers na te kom.

‘n Toegespitste program van herstel en opbou sal in die tyd van die tughandeling en daarna die deurslag gee vir die suksesvolle voortgang van die gemeentelewe en die gemeentebediening. Dit veronderstel natuurlik dat die gemeente deurlopend met verrykende programme ook vooraf toegerus word om die uitdagings wat die effek van sonde bring, te kan hanteer.

### 5.2.3. <u>Die behoud van die sondaar.</u>

‘n Doel ten opsigte van die sondaar: wat die predikant self betref, is die fokus op die behoud van die sondaar as tugdoel, krities belangrik. Skrywer se betoog is die beskerming van ampsbevoegdheid. Vanaf die eerste gerug of klag, behoort dit die verantwoordelike persone se fokus te wees om die ampsbevoegdheid van predikante te beskerm. Skrywer stel dit weereens baie duidelik. Dit beteken nie dat predikante *carte blanche* ontvang, om in leer en lewe te doen net soos dit hulle behaag nie. Nie eens naastenby nie! Maar indien die gevolge van die ontneming van ampsbevoegdheid deeglik verreken word, is die koste werklik baie hoog. Geestelik, emosioneel, persoonlik en ook gesamentlik dra almal later die littekens van die krisis van die tughandeling. Ek pleit dus vir ‘n dieper motivering om

die ampsbevoegtheid van predikante te beskerm eerder as om dit sonder ‘n oogknip op te hef.

Die Kerk is verantwoordelik om kreatiewe maniere te ontwikkel waardeur ‘n geroepe persoon wat geval het, weer kan opstaan en die wedloop met volharding, enduit kan voltooi. Wat baat dit die kerk indien die kerk nie die genade kan vind om selfs hulle leiers nie te spaar nie, maar oor te lewer aan ‘n bestaan waarvoor hulle nie geroep is nie!

Begeleiding en die hantering van die tugproses sal dus die behoud van die predikant in alle opsigte vergestalt. Sy geestelike, emosionele, psigiese en amptelike welwese word in gedagte geroep. Die terapeutiese dimensie van die tughandeling sal deur verantwoordbare pastorale sorg bereik word, en die proses sal bestuur word as ‘n konstruktiewe poging om op te tree teenoor dit wat verkeerd is en verkeerd gedoen is. Dit kan egter nie die gevoel laat van negatiwitiet en verbittering nie.

Visser (1982:122-125) voeg ‘n vierde doel van die tughandeling by naamlik ‘n doel ten opsigte van die bediening. Dit gaan oor die reinheid van die bediening. Die bediening en ampsuitoefening staan in direkte verband met die heilige God en daarom moet dit rein en suiwer bewaar word. Om hierdie rede is daar dus geen “versagtende omstandighede” wanneer ‘n predikant oortree nie, want die bediening word daardeur geraak en ten seerste God self (2 Korinthiërs 6:3). Daarom moet die bediening heilig geag word, heilig beoefen word en heilig bewaar word. Begeleiding sal elke tree van die weg hierdie bedoeling realiseer.

## 5.3. <u>Amptelike begeleiding</u>

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(b) Wat is die bydrae van die verskillende ampte binne die kerk, in die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling?

Die kerk en geloofsgemeenskap sal in persoon, in amptelike hoedanigheid en breër kerklike verband, afsonderlik en gesamentlik, verantwoordelikheid moet aanvaar vir die proses van die tughandeling, sowel as die begeleiding van die predikant.

### 5.3.1. Begeleiding as onderlinge sorg – eerste vlak

Die betrokkenheid van die gemeente word bevraagteken by die huidige proses. Behoort die geloofsgemeenskap nie juis direk betrokke te wees by die traumatiese gebeure nie? Nee, dit is nie goed genoeg om dit deur die ampte alleen te doen nie en ja, dit is verstaanbaar dat die ampte die proses moet fasiliteer, maar die gemeente behoort self deel te wees van die hele proses omdat hulle direk daarby betrokke is. Hulle word ook in alle opsigte deur die negatiewe van die tughandeling geraak. Dit is hulle predikant wat in die moeilikheid is. Dit is hulle wat ook verantwoordelikheid vir die situasie moet aanvaar. Nee, die gedagte is definitief nie om die intieme detail van die saak aan die groot klok te hang nie, maar om wel die liefdes- en geloofsgemeenskap te aktiveer tot aktiewe betrokkenheid. Sê die Woord dan nie "As een lid swaarkry, kry al die lede saam swaar,..." nie? (1 Korinthiërs 12:26a, Nuwe Afrikaanse Vertaling).

Daar sou met reg gevra kon word: Hoe funksioneer die Kerk as 'n geloofs- en liefdesgemeenskap wanneer die opsig gehou en tug uitgeoefen word? Kom die ware aard en karakter van die geloofsgemeenskap na vore in die tugproses? Is die geloofsgemeenskap werklik aktief betrokke om in geloof en liefde die trauma van die tug te fasiliteer vir die predikant en self? Hoe verstaan ons die begrip geloofsgemeenskap wanneer dit gaan oor die trauma van tug? Is daar gedeelde lyding of is die betrokkenes individuele partye wat elkeen maar die trauma op sy eie deurleef? Beteken die "gemeenskap", kritiese geloofsolidariteit met mekaar tydens die tughandeling?

Begeleiding as onderlinge sorg, is die eerste vlak van pastorale omgee tydens die tughandeling. Dit sluit die volgende in.

- **Begeleiding as die toon van ware en onvoorwaardelike liefde**
  Die mens in nood kan alleen bereik word deur 'n uitreik in ware en onvoorwaardelike liefde. Hierdie behoefte is ondubbelsinnig uitgewys deur die empiriese navorsing. Predikante het nodig om te beleef dat die gemeente en ander belanghebbendes hulle liefhet met 'n onvervalste Christusliefde. Hy is deel van die gemeente en behoort met die nodige liefdesagting behandel te word. Hierdie liefde word nie slegs van enkele lidmate gevra nie, maar is die eis aan almal.
- **Begeleiding as diensgestalte van die evangelie**
  Jesus is die voorbeeld van ware diensgerigtheid. Hy was ingestel op die behoeftes

en nood van die mense met wie Hy in aanraking was. Hy het geen steen onaangeraak gelaat om Sy hulp aan te bied nie. Hy het telkens ‘n reuse verskil in die lewens van noodlydendes gemaak. So is dit die taak van die geloofsgemeenskap om tydens die tughandeling die predikant prakties by te staan en te ondersteun. Gelowiges moet mekaar en die betrokkenes dien in nederige aanwending van die gawes wat aan elkeen gegee is. Die nood van predikante en hul gesinne is baie groot en kompleks tydens die tughandeling en geloofsgenote moet die hand uitsteek en hulp betoon.

- **Begeleiding deur volgehoue voorbidding**

  Predikante het nodig om te weet dat mense vir hulle bid en dat mense saam met hulle bid. Jesus se gebede het Sy dissipels so geïnspireer dat hulle Hom versoek het om hulle in die wonderwêreld van gebed in te lei. Geloofsgenote moet in die Naam van Jesus volhardend bid vir die noodlydendes tydens die tughandeling. Die gebed bring hoop en gee troos.

- **Begeleiding as die gee van vergifnis**

  Die tugproses is soos ‘n dief. Dit stroop predikante van hulle menswaardigheid. Dit ontneem hulle van hulle eer. Hulle voel verstoot en verlaat. Selfveragting rig verwoesting aan in hulle innerlike wese. Defektiwiteit en die gevoel van verguising groei soos ‘n geestelike kanker. Dit is dan nodig dat almal wat by hierdie proses betrokke is deur die genade van God oorrompel sal word. Getransformeer sal word. Meer as oorwinnaars sal wees. ‘n Getuienis sal wees van die genade van God en die krag van die geloofstekens van die verbond! Vergifnis sal die botoon voer. Haatdraendheid en onvergewensgesindheid sal wortel en tak uitgeroei moet word. Mense sal mekaar vergewe ten spyt van die gebeure en verskille, konflik en geskille, as medegelowiges wat deur God vergewe is.

- **Begeleiding as saamleef in liefdeseenheid en geloofsgemeenskap**

  Die predikant en geloofsgemeenskap is afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik vir die uitkoms van die tugproses. Die predikant moet toerekeningsvatbaar wees vir die oortreding, verantwoordelikheid aanvaar vir die gevolge en met ‘n nuwe roepingsbewustheid die toekoms betree. Die geloofsgemeenskap moet die Here teenwoordig stel tydens die tugproses en deur die geloofsmiddele van genade, geduld, geloof, liefde, gemeenskap, vrede, vergifnis en vreugde, die proses fasiliteer tot eer van die Here en tot heil van die Kerk met die behoud van die

sondaar as resultaat. Die band wat die gelowiges bind, behoort tot sy volle reg te kom en liefde behoort die botoon te voer.

Dit beteken konkreet dat almal saam sal ly indien een ly. Wanneer dit die predikant is wat die tughandeling deurgaan, sal die lede van die liggaam ook sy laste dra en sorg teenoor hom uitoefen. Die ondersoek toon dat predikante reeds met die eerste gerug of klagstaat in isolasie geplaas word. Dit is geheel en al in botsing met die wese van die Kerk en haar bestaan as liggaam van Christus. Dit wil voorkom dat die bekendmaking van die probleem, onmiddellik ‘n wig indryf tussen predikant en gemeente. Hierdie skeiding word vergroot indien die predikant tydelik gestuit word, hangende die uitslag van die tugverhoor. Die empiriese navorsing het hierdie behoefte belig.

Navorser betoog dat die kerklike opsig as begeleidende en ondersteunende instrument gebruik sal word tydens die tughandeling. Is dit nie juis hier waar predikante en ander geïmpliseerdes besonderlik die gemeenskap van die gelowiges sal beleef nie? Is dit nie reeds die geleentheid om met alle bewoëndheid by mekaar betrokke te wees nie? Die voorbeeld hieronder sal die saak verhelder.

Stuiting in die amp veroorsaak onmiddellike skeiding tussen die predikant en die gemeente en die Kerkraad onderling. Stuiting verwyder die predikant van die liefdesgemeenskap op ‘n besondere “hardhandige” wyse. Hiermee word die beginsel van stuiting nie betwis nie, maar die wyse waarop dit verdere nadelige gevolge vir al die betrokke partye inhou, word bereken. Skuld- en skandgevoelens se negatiewe effek kan blywend van aard wees indien elke deel van die tughandeling nie deeglik deurspoel is met Gods genade nie.

- **Begeleiding deur die handhawing van vrede en die fasilitering van konflik**

  Die tughandeling is ‘n tyd van konflik en onvrede. Die predikant is midde in hierdie situasie. Soms is hy ook die oorsaak van verdere konflik en ongelukkigheid. Nietemin bly dit die dure verantwoordelikheid van alle betrokkenes om met ‘n sagmoedige gees op mekaar ag te gee en mekaar te verdra en te vergewe. Hierdie eis is basies en die vertrekpunt vir herstelde verhoudings tydens die tughandeling. Dit kom weereens daarop neer dat geloofsgenote aan mekaar hulp en ondersteuning

verskuldig is, en dit spesifiek wat betref die onenigheid en ongelukkigheid in verhoudings wat skeefgeloop het.

- **Begeleiding as bemoediging en ondersteuning**
  Predikante is dikwels moedeloos, en in die put van negatiwiteit tydens die prosesse van die tughandeling. In hierdie tye is die gelowige die draer van goeie nuus en die aankondiger van hoop. Geloofsgenote se aanmoediging, bemoediging en aktiewe betrokkenheid kan die groot verskil teweeg bring in die wyse waarop die tughandeling beleef en verwerk kan word.

### 5.3.2. <u>Begeleiding as gemeentebou – tweede vlak</u>

Op watter wyse vul die amptelike kerkvergaderinge en hulle gevolmagtigdes die roeping van die gelowiges aan en hoe kan die gelowiges self betrokke wees by die taak aan hulle opgedra? Is hier 'n teologiese en praktiese karakter van die opsig en tughandeling wat sterker behoort te funksioneer as wat dit huidiglik gebeur?

Ook hier by die tughandeling het die ampte groot verantwoordelikheid teenoor veral die predikant, maar ook teenoor al die ander betrokkenes. Die verwagting is dat daar deur beplande huisbesoek en ander besoeke op gereelde basis bemoeienis met die noodlydendes gemaak sal word deur veral die ouderlinge. Hierdie minimum verwagting sal 'n groot verandering teweeg bring in die ervaring van omgee en koestering wat die predikant in hierdie tyd ervaar. Dit sal ook die nodige solidariteit en ondersteuning bied. Verder sal dit 'n bewys wees dat die Kerk haar opdrag ernstig neem en dat die ampte hierin die voorbeeld stel. Die diakonie sou ook 'n rol speel in die bestaansnood wat dikwels in hierdie tyd beleef word met die opskorting van traktement en ander voordele.

### 5.3.3. <u>Begeleiding wat intensioneel en professioneel pastoraal van aard is – derde vlak</u>

Op die professionele vlak van pastorale begeleiding is dit egter die Ringspredikante wat die voortou moet neem in die pastorale begeleiding van die predikant. Die Ringsbroeders kan op grond van hulle verantwoordelikheid teenoor mekaar nie die geleentheid om te begelei, te ondersteun , te bemoedig maar ook meer as dit naamlik om die pad enduit saam te stap, negeer nie. Die huidig stelsel laat soos aangetoon min ruimte om as regter en

begeleier op te tree. Die een aspek kry prioriteit en dit is dikwels die kerkordelike tugproses wat seëvier.

Die hulp wat die Ringspredikante lewer, sou nie net individuele en spontane hulp veronderstel nie. Daar is ook die dure plig om op beplande en georganiseerde wyse die geskikste persone aan te wys om as begeleiers vir die predikant op te tree. ‘n Inter-dissiplinêre span is ook hierby inbegrepe. Aangesien die tughandeling en die effek daarvan kompleks en meer fasette het, kan die kundigheid en kennis van ‘n span nie buite rekening gelaat word nie. Aangesien dit ook betoog word dat die hele proses van die tughandeling gefasiliteer moet word deur die begeleiding van die predikant, kan ‘n professionele spanbenadering ook meer stukrag verleen oor ‘n langer tyd.

Dit beteken egter nie dat die kerk die predikant slegs maar sou verwys na ander professionele persone nie. In die heel eerste plek is die predikant deel van die geloofsgemeenskap en moet die kerk self hierdie begeleidingswerk inisieer en onderneem. Slegs indien ander kundigheid benodig word na aanleiding van die spesifieke konteks, kan buite-kerklike begeleiding ingespan word.

- **Begeleiding vanuit ‘n verhouding van integriteit**

  Predikante wat die tughandeling beleef, het nodig om verseker te word van die onkreukbare integriteit van die persone wat by die proses betrokke is. Die tughandeling laat baie onsekerheid en alles en almal betrokke word bevraagteken. In hierdie situasie moet die begeleiers dan bo verdenking staan en met volledige eerlikheid hulself en hulle begeleiding aanbied. LaHaye (1990:170) voeg by dat die taak van die begeleier(s) hoë eise stel, onder andere die van “high integrity, people who pledge to keep every discussion and all facts confidential”.
- **Begeleiding as medelydende – priesterlike vereenselwiging**

  Om alleen te staan in tyd van trauma vergroot die negatiewe belewing daarvan eksponensiëel. Wanneer die professionele begeleiers hulself volledig met die predikant se krisis kan identifiseer en hul vereenselwig op die wyse van priesterlike bewoëndheid, sal die kanse op suksesvolle verwerking en hantering van die krisis vergroot word.
- **Begeleiding as konfrontasie – profetiese verkondiging**

  Dit alles beteken nie dat die predikant sonder meer verskoon sal word vir die

oortreding nie. Hy sal verantwoordelik gehou word vir elke daad en woord. Met hierdie taak op die skouers van die professionele begeleiers sal hulle ook die profetiese roeping nakom om te konfronteer en uit te daag om die saak in die reine te bring. Adams (1973:137) sê: "Man in misery needs hope." Hierdie hoop is reeds vanaf die begin aan mense beloof. Ook die predikant behoort te weet dat God se bemoeienis hoop bring. Hierdie boodskap mag nie agterweë gelaat word met die begeleiding van die predikant tydens die tughandeling nie.

Die amptelike begeleiding wat deur die tugpastoraat veronderstel word en deur die geloofsgemeenskap opgeneem moet word, lê verder klem daarop dat dit nie die predikant se verantwoordelikheid wat hy as herder en leier van die gemeente aanvaar het, wat hom spesiaal en anders maak, wat sy waarde aanbetref nie. Akademiese kwalifikasies en suksesvolle praktyk binne die gemeente verhoog nie sy intrinsieke waarde nie. So ook is dit nie sy weerhouding van die sonde en 'n goeie sedelike lewe wat sy betekenis vergroot nie. God gee waarde aan elke mens en daarom ook aan predikante wat in sonde val.

Daarom behoort predikante wat deur die tugproses gegaan en uit diens gestel is nie hul waarde te meet aan die proses of die gevolge daarvan nie. Makliker gesê as gedaan! Dat dit die teologiese visie behoort te wees – daaraan word nie getwyfel nie. Om dit waar te maak, gaan harde werk wees.

Hierdie gedagte is soveel meer van toepassing op die verwagting van die geloofsgemeenskap ten opsigte van hulle predikant. Hyself laat dan ook toe dat hierdie onmoontlike eis van sedelike en morele perfeksionisme in hom groei. Verskeie redes is seker hiervoor aan te wys soos byvoorbeeld die "geestelike prestige" om so geïdentifiseer te word, of dat dit nou maar die kruis is wat gedra moet word – die prys wat betaal word om die predikant te wees. Soms kan die teologiese siening met gelatenheid aanvaar word en ander kere weer met weersin, maar die uiteinde is dat die predikant en die gemeenskap dit in stand hou.

Wanneer sal ons eerlik, realistiese verwagtinge koester oor menswees en kerkwees? Die menslikheid van predikante wat aanvaar word as 'n gegewene en nie as die grootste skande wanneer hy dit deur sy verkeerde besluite en gedrag openbaar nie? Ons betoog hiermee

nie die goedpraat van sonde nie. Hoegenaamd nie! Alleen maar die realistiese beperking wat ook in die lewe van predikante aanwesig is.

In hierdie lig gesien kan daar sekerlik met veel meer "menslikheid" en empatie na die hele tugproses gekyk word. Wanneer 'n mens 'n fout maak – selfs 'n growwe fout – behoort dit nie sonder meer te lei tot die uitdiensstelling van die predikant nie. Dít is 'n fout, maar kom laat hy (ons as Kerk hom help) om die fout reg te maak of te herstel.

Predikante moet saam met die gemeente erken dat hy (en hulle) net soos Petrus nie op water kan loop nie. Die onmoontlike mag tog nie van mekaar verwag word nie. God alleen is die Onfeilbare. Hy alleen is die Perfekte. In Hom alleen is alles wat goed en reg is. Hy alleen is volmaak. Ons weet dat Sy kinders soos Hy moet wees en tog is dit die ideaal waarna gestreef word, en nie die volle werklikheid, aan hierdie kant van die graf nie.

Daarom pleit hierdie studie vir groter verstaan van en geduld met predikante, wat op 'n dag geweeg en te lig bevind word. Sonde is mos nie die laaste woord wat gespreek word nie. Genade is. God se genade wat genoeg is vir predikante wat in sonde val, maar weer deur Sy genade herstel word.

Predikante hoef nie in vrees te lewe dat die openbaarmaking van hulle menslikheid sal lei tot totale verbanning uit die geloofsgemeenskap en uit die bediening nie. Dit is geheel en al onaanvaarbaar dat sy oortreding moet lei tot verwerping deur die geloofsgemeenskap. Dit strook nie met die boodskap van genade nie. Dit strook nie met Jesus se handeling teenoor diegene wat met opregte berou hulle tot Hom toegekeer het na 'n openbaring van hulle menslikheid nie. Indien die Kerk deur die tughandeling so sou optree, is dit nie teologies korrek nie.

Predikante is predikante. Hulle is amptelik in diens van die gemeente, namens God. Hulle is nie die God wat hulle verteenwoordig nie. Die Gemeente is die gemeente. Hulle word nie die vlekkelose God wat hulle verteenwoordig nie. Indien albei partye op gelyke voet voor God staan as mense wat deur menslike swakheid en sonde hulself as oortreders van die morele, sedelike en etiese gedragskode bewys, behoort daar verdraagsaanheid teenoor mekaar te wees. Hope en hope daarvan. Veel meer as die regterlike tugverhoor wat die oortreder volgens 'n orde skuldig bevind, straf en uit die geloofsgemeenskap verwyder.

Tugpastoraat sal daarna streef om die predikant daaraan te herinner wie hy ten diepste as persoon is, wie hy altyd was en wie hy in die toekoms meer en meer kan wees. Sy menslike waardigheid is eintlik 'n ontdekkingsproses van wie hy reeds in Christus is en ook 'n groeiproses om daagliks al meer soos Hy te word.

### 5.4. Funksionele begeleiding

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(c) Hoe kan die funksionele aspekte van die tugpastoraat tot sy reg kom binne die gebeure van die tughandeling?

#### 5.4.1. Genesing

Die algemene welsyn van die predikant word voor oë geroep. Begeleiding fokus op die mens in sy totaliteit. Dit sluit onder andere ook die emosionele gesondheid van die predikant in. Hieronder word die gevoelens van skuld en skande ingereken. Dit is egter nie slegs 'n genesingsproses nie, maar veral ook 'n verwagting dat daar groei en ontwikkeling sal plaasvind.

#### 5.4.2. Bystand

Bystand moet aan die predikant betoon word deur nie slegs simpatiek of selfs empaties te ondersteun en te bemoedig nie, maar om God se nabyheid tasbaar te maak. Die doel hiervan is om die predikant te verseker dat hy nie alleen staan in die krisis nie, en dat die medegelowiges en God hom nie verwerp het nie. Predikante beleef wel 'n gevoel van verwerping en isolasie tydens die tughandeling. Met egte bystand sal hy weereens besef dat alles nie verlore is nie en dat hy deur die pyn emosioneel en geestelik kan groei.

#### 5.4.3. Begeleiding

Tydens die tughandeling kan die predikant juis deur die trauma daarvan oorweldig voel en sukkel om goeie besluite te neem. Hy het dus iemand nodig om hom te lei en te begelei om verantwoordelike keuses te maak wat nie die saak verder sal vertroebel nie, maar nuwe geleenthede om gepaste keuses te maak in die onsekere tye. Die begeleiers sal die predikant help om alternatiewe te ondersoek en weereens die vryheid wat in Christus te

vind is, ontdek. Begeleiding word gegee tot die aanvaarding van verantwoordelikheid, toeëiening van ‘n verwagting van ‘n hoopvolle toekoms en persoonlike geestelike groei. Dit is gepas om Vos in Vos et al (2007:11) hier aan te haal. “There can be hope in a hopeless situation.” En “Hope carries people during their journey.” Vos in Vos et al (2007:25).

### 5.4.4. <u>Versoening</u>

Gebroke verhoudings en konflik is eie aan die tugproses. Begeleiding tot versoening van alle partye betrokke by die tughandeling staan voorop. Veral ook wat die predikant en al die verhoudings waarin hy staan en wat deur die tugproses versteur is. Dit sluit die verhouding met God en medegelowiges in. Terselftertyd moet daar nie vergeet word dat die predikant ook met homself moet saamleef nie. Dalk een van die moeilikste verhoudings in hierdie tyd! Alle vlakke van amptelike begeleiding sal in die aanpak, deurvoer en voltooiing sensitief ingestel wees op die fasilitering van versoening.

### 5.4.5. <u>Koestering</u>

Begeleiding sal die gees van koestering adem indien dit suksesvol wil bydra tot die predikant se hantering van die tugproses. Koestering sal tot uiting kom in klein en byna onbelangrike handelinge soos telefoonoproepe, hulpverlening, gebede, besoeke en alledaagse sorg en omgee. Dit sal egter ook in die gesindheid en optrede gesien kan word, die gesprekke en hantering van die sake op die tafel. Alles wat in die gees van koestering gedoen word, sal die predikant verseker van die integriteit van die proses en die persone wat daarmee gemoeid is.

Tugpastoraat is dan ten diepste herstelgerigte pastoraat. Deur die herstellende aspekte van die pastoraat word nuwe toekomsperspektiewe ontwikkel en oopgesluit. Van Iersel et al (2009:214-217) ondersoek die noodsaak om te fokus op herstel tydens die pastoraat. Veel kan geleer word by die Kerk se betrokkenheid in justisiepastoraat. Die volgende aspekte word gebruik en toegepas op die situasie van predikante wat die tughandeling beleef het.

- **‘n Relasionele benadering**

  Predikante beleef nie, soos reeds voorheen in hierdie studie aangedui, die krisis en trauma van die tughandeling, geïsoleerd nie. Daar is ‘n netwerk van verhoudings en

assosiasies wat ter sprake kom en wat in die slag bly. Selfs die breër samelewing word dikwels by hierdie konflik betrek. Herstellende pastoraat sal daarom 'n breër perspektief en visie moet ontwikkel om effektief te wees tydens die tughandeling van 'n enkele predikant.

- **Verantwoordelikheid en dialoog**
  Pastoraat het 'n restoratiewe fokus en sal daarom nie gefikseerd fokus op die gedane kwaad nie, maar op die verpligting en verantwoordelikheid wat rus op die predikant en al die ander rolspelers om die skuld te hanteer en te verwerk. Dit beteken dat die skuldige die insig sal ontwikkel met begeleiding van die Kerk om konkrete stappe te neem om dit wat verkeerd geloop het, reg te stel. Restorasie is dan veel meer as vergelding of straf, maar eerder transformasie van die persoon(e) en die verhoudings wat daardeur geraak word.
- **Prosesgerigte ingreep**
  Die opneem van verantwoordelikheid beteken nie dat alles reggestel kan word soos wat dit voor die situasie ontspoor het, beleef is nie. Dit is met ander woorde nie sonder meer maar kompensasie deur onder andere verskonings aan te bied en berou te toon oor die handelinge nie. In die praktyk verg dit eerder 'n verkenning deur dialoog van verskillende opsies om prosesmatig tot die eindpunt te kom.
- **Meersydige partydigheid as sentrale voorwaarde**
  Herstelgerigte pastoraat vereis dat alle partye wat betrokke is dieselfde agting en respek verdien. Die menswaardigheid van die predikant, moontlike benadeeldes, Ringskommissielede en ander behoort gehandhaaf te word. Billikheid ten opsigte van alle partye word vereis.

## 5.5. <u>Kerklike begeleiding</u>

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(d) Op watter wyse kan die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in 'n groter mate die kerklike karakter daarvan weerspieël?

Die tughandeling eis 'n werkswyse en houding wat strook met die wesenseie van die Kerk en die geloofsgemeenskap.

- Die prosesse behoort deurgaans 'n geestelike karakter te toon.

- Die tughandeling behoort 'n geloofs- en liefdesgemeenskap se ware karakter te vergestalt.
- Die prosesse moet op kerklike wyse uitgevoer te word.
- Die prosesse moet met geestelike middele uitgeoefen word.

### 5.5.1. <u>Begeleiding met 'n geestelike karakter</u>

Wat is die aard van die geestelike karakter van die kerklike opsig en tug? Die Kerkorde beklemtoon ten regte hierdie aspek van die tughandeling en hierdie studie het onder meer beoog om dit te ondersoek en die diep betekenis daarvan vir die huidige tughandeling te onderstreep. Watter waarborge het ons dat die tughandeling werklik op kerklike wyse uitgeoefen word? Wat beteken "kerklike wyse" in die uitoefening van die tughandeling wanneer die predikant gebuk gaan onder die destruktiewe gevoelsbelewing van skuld en skande?

- **Begeleiding na persoonlike geloofsidentiteit**

  Ten opsigte van die begeleiding na persoonlike geloofsidentiteit, is dit veral die roeping van die predikant wat hier ter sprake sal kom omdat dit die saak is wat in gedrang is. Die tughandeling vervreem die predikant van sy roeping deur die proses van stuiting en die toepassing van sekere van die tugmaatreëls. Ongeag baie argumente dat 'n mens se beroep en identiteit nie volledig behoort ooreen te stem nie, is dit waar dat 'n predikant homself volledig met sy roeping assosieer en dat hy 'n massiewe identiteitskrisis kan beleef indien hy nie meer toegelaat word (of tydelik nie toegelaat word) om sy roeping (beroep) te beoefen nie.

  Predikante se geloofsidentiteit as geroepene van die Woord hou eweneens direk verband met sy beroepsidentiteit. Pastorale begeleiding sal hierdie identiteitskrisis aanspreek en die predikant begelei om ten spyte van die uitslag van die tughandeling steeds (weereens) nuwe rigting te ervaar. Begeleiding sal dalk juis ook kan fokus op die onderskeid tussen geloofsidentiteit, beroepsidentiteit en die predikant se self of eie menswees.

- **Begeleiding tot persoonlike heiliging**

  Begeleiding tot persoonlike heiliging sal die predikant in staat stel om dieper te soek na die blywende positiewe in die gebeure van die tughandeling. Persoonlike

heiliging as 'n roeping vir die predikant sal hom in staat stel om nuwe weë te vind om Christus na te volg. Dit kan impliseer dat hy ook begelei moet word om nuwe weë te eksploreer soos die aanvaarding van sekulêre werk en dit dan nog steeds as 'n roeping te kan beskou. Dat dit stapsgewys en toenemend moet plaasvind is 'n vereiste van die geestelike leiding. Omdat hierdie leiding veral vir mense is wat hulle lewe van nuuts af aan moet (her)ontwerp sal dit veel bydra tot die effektiewe hulp wat aan predikante gegee kan word.

Na die tughandeling is dit 'n absolute vereiste dat predikante hulle lewe van nuuts af aan in oënskou moet neem. Die trauma en die krisis van die tughandeling keer die lewe van die predikant en sy gesin op die kop. Die kerk het 'n taak en verantwoordelikheid om nie alleen voornemende predikante oor 'n tydperk van ses jaar voor te berei vir die bediening nie, maar ook om predikante wat die krisis van die tughandeling beleef, te begelei om weereens rigting en sin te vind in die nuwe omstandighede. Selfs al is die tugmaatreël binne drie maande opgehef en gaan die predikant voort met sy bediening in dieselfde gemeente, is begeleiding steeds noodsaaklik.

- **Begeleiding in die ontdekking van die werk van die Heilige Gees**

  Die begeleiding van mense om hulle in staat te stel om die leiding van die Heilige Gees te ontdek, is ook ten opsigte van die predikant toepaslik. Alhoewel hy die herder was en ander na Christus en die inwerking van die Heilige Gees gelei het, het die rolle nou omgekeer tydens die tughandeling. Die herder het ook behoefte om geestelik begelei te word om die inwonende Gees van God baie intiem te ervaar as die kragbron van waaruit hy leef en werk. Dit hou ook in die (her)ontdekking van sy persoonlike charismata (die tughandeling hef dit nie op nie, maar kan dit uitlig of selfs ander gawes belig), die persoonlike roeping en lewenstaak (indien die taak in die toekoms buite die kerk sou wees is die leiding hierin van onskatbare waarde) en die besondere bydra wat die predikant kan lewer tot die kerk en samelewing (ten spyte van die tughandeling).

- **Begeleiding in die verdieping van geloofsinsig**

  Die begeleiding wat gemik is op die verdieping van geloofsinsig in die trou (getrouheid) van God is 'n taak wat die kerk in die geval van die tughandeling nie ligtelik behoort op te neem nie. Begeleiding sluit in die volle leiding tot kennis van

Christus en Sy boodskap van verlossing. Predikante het net so veel nodig om te weet dat Christus nie opgegee het op hom en die hoë roeping waartoe hy aanvanklik geroep is nie. Die doop en verbond sal sterk funksioneer in die begeleiding tot die beligting en die toegang wat die predikant as gevolg daarvan het tot bronne van versterking van sy geloof.

- **Begeleiding tot heelheid en eenheid**

  Die geestelike leiding behoort ingestem te wees om nuwe eenheid te bring in die gefragmenteerde lewe van die predikant as gevolg van die tughandeling. Persoonlike verhoudings, sy verhouding met die gemeente, met die Ringspredikante en selfs met die breër gemeenskap ly skade met die tughandeling. Begeleiding sal ingestem wees op die herstel daarvan soverre dit moontlik en wenslik is. Die begeleiding sal fokus op die ontwikkeling van 'n nuwe vriendskap met Christus. Hierdeur sal die predikant ontdek dat God getrou bly selfs in krisissituasies. Hy kan op God reken selfs al voel dit vir hom of alle mense hom in die tyd verlaat. Hierdie ontdekking kan tot 'n persoonlike geloofsverdieping lei en die predikant bemagtig om met nuwe ywer en entoesiasme voort te gaan.

### 5.5.2. <u>Begeleiding wat pas by 'n geloofs- en liefdesgemeenskap</u>

Die voorskrifte vir die toepassing van die kerklike opsig en tug is eerstens volgens "die Woord van God". Hierdie studie vra opnuut na die teologie en praxis volgens die Woord van God tydens die toepassing van die kerklike tughandeling. Die volgende vraag word herhaaldelik gevra: Is die huidige teologie en formele handelinge van die tugartikels werklik in lyn met God se Woord?

Wat sê die Belydenisskrifte oor die kerklike opsig en tug, en hoe funksioneer dit huidiglik in ons teologiese verstaan en praktiese uitoefening van kerklike opsig en tug? Hoe funksioneer die Belydenisskrifte in die kerklike prediking, huisbesoek en pastoraat? Indien hierdie vraag negatief beantwoord sou word, is die rol daarvan soos in ons huidige tughandeling verwoord, grootliks onder verdenking.

Dit is belangrik dat almal die sekerheid sou hê dat die tughandeling werklik sou ooreenstem met die Woord van God en die Belydenisskrifte.Watter moontlike afwykings bestaan en hoe kan ons steeds Reformerend al nader aan die vereiste beweeg?

Daar moet onthou word dat die predikant en die liefdesgemeenskap in hierdie tyd van die toepassing van die tughandeling hipersensitief is. Daarom moet elke woord en handeling van alle partye ten alle tye onder die soeklig van God se Woord staan en onder die leiding van die Heilige Gees. Daar behoort met diepe ootmoed en in alle afhanklikheid van God met die take van die tughandeling omgegaan te word. So ook die besorging van die klag. Alles moet die geestelike karakter van die tughandeling adem. Word daar genoegsame aandag verleen aan hierdie aspek omdat ook dit 'n negatiewe effek het op die gevoelsbelewing van die predikant?

### 5.5.3. <u>Begeleiding deur die kerklike modi</u>

- **Kerugma en leitourgia**

  Verkondiging en erediens. Tydens die tughandeling word die verkondiging van die Woord direk geraak wanneer die predikant gestuit word of van sy ampsbevoegdheid ontneem word. Die gemeente maak gebruik van ander predikers. Die Woordritme van die gemeente is versteur. Daarom vind ons in die praktyk dat 'n gemeente diep hierdeur geraak word en na ander meer stabiele gemeente skuif. Uiteindelik affekteer dit die voortgang van die gemeente en die bediening nadat die tugproses voltooi is.

  Die belang van die voortsetting van die begeleiding wat deur die prediking behoort plaas te vind, kan nie genoegsaam beklemtoon word nie. Dit is juis wanneer die gemeente op 'n Sondag byeen is noodsaaklik dat daar 'n Godswoord sal weerklink in die krisis en trauma wat al die belanghebbendes beleef. 'n Woord van hoop, troos, bemoediging, waarskuwing.

- **Paraklese**

  Die pastoraat verbeeld en verwoord die blye boodskap dat God met ons is. In alle tye en in alle omstandighede. Maar meer as dit ook, dat God ons bevry en verlos en vergewe, vryspreek en bemagtig! Begeleiding van betrokkenes en predikante tydens die tughandeling, sal in die stukkende en gepynigde, persoonlike wêrelde nuwe horisonne van oorwinning oopmaak.

- **Didaché en marturia**

  Onderrig en getuienis. Onderrig van die geloofsgemeenskap en getuienis teenoor mekaar en die breër gemeenskap. Selfs die predikant het weer nodig om sekere basiese geloofswaarhede te hoor. Opnuut te hoor. Asof vir die eerste keer. Onderrig in God se genade, liefde en koestering vir sondaars. Onderrig in aanvaarding van die genade en selfvergifnis. Terselftertyd is dit die geleentheid om na buite te getuig oor die reddende genade van God. Om in W(w)oord en daad te spreek oor die lewende God van die gemeente. Om sonde en verlossing in perspektief te plaas sodat die wat buite die gemeente staan, sal sien en glo.

- **Diakonia en koinonia**

  Sorg en gemeenskap. Begeleiding sal fokus op diens aan die noodlydendes. Hulpverlening in die vorm van geldelike bystand, huisvesting, kos en kleding en basiese behoeftes. In die gemeensaamheid vind die predikant Christus. Medemenslikheid gaan bewys lewer van die verbondenheid aan die Here van die kerk.

- **Kubernetiek**

  Al die oudste beelde van begeleiding op kerklike wyse en met kerklike middele kom voor die gees wanneer die administrasie van die Kerk en die tughandeling versoen word. Sorgsame begeleiding in die Naam van die Here, troos, bemoediging en inspanning ten behoewe van die ander, besorgdheid en ook vermaning en waarskuwing. Geestelike begeleiding tot geloofsverheldering, persoonlike heiliging, herontdekking van die charismata en persoonlike roeping, verdieping van geloofsinsig en nuwe eenheid in 'n gefragmenteerde lewe word die fokus.

### 5.5.4. <u>Begeleiding met geestelike middele uitgeoefen</u>

Die predikant se ervaring van destruktiewe oneer, skuld en skande moet deur berou, bekering en toewyding vervang word. Die geloofsgemeenskap se kritiek, veroordeling en verwerping moet plek maak vir vergifnis, aanvaarding en herstel.

Die predikant beleef gevoelens van skaamte en oneer. Hy voel waardeloos, hulpeloos en hopeloos. Hy beoordeel homself as van geen waarde, doel, verdienstelikheid of betekenis nie. Hy is nie meer die gerespekteerde predikant van die gemeente nie en sy rol as

geestelike leier het verval. Hy is nou eerder die "geestelike skurk". Hy beleef homself baie negatief en sy hele beeld is negatief gekleur. Self beoordeel hy hom vanuit 'n skaamteperspektief. Hierdie perspektief se gevolge is tragies. Dit sneeubal en affekteer sy hele persoon.

Fisies is dit 'n uitmergelende proses en die predikant kan verskeie liggaamsongesteldhede ontwikkel. Emosioneel is daar onstabiliteit en verwarrende, konflikterende denke en gevoelens. Sy emosies ry wipplank. Soms is daar die hoop dat dit alles sal verbygaan en dat hy weer voor kan begin. Maar meesal is dit die besef dat alles onherroeplik nadelig verander het wat swart wolke van depressie meebring. Sosiaal voel die predikant soos 'n uitgeworpene. Hy beleef grootskaalse marginalisering.

Die Kerkraad, gemeente, vriende, familie, soms sy eie gesin en die breë gemeenskap staan krities afwysend teenoor die predikant. Hy het sy posisie van respek en eer verloor en dit deur sy sondige optrede. Geestelik voel hy alleen en afgesny van die medegelowiges. Hy weet dat hy in die heel eerste plek sy Hemelse Vader diep bedroef het vanweë sy optrede. Die predikant se eie spirituele lewe verkeer onder groot druk.

Dit oefen alles enorme destruktiewe kragte uit en die predikant staan op die randjie van die grootste lewenskrisis van sy hele bestaan. Hierdie tydperk kan of die grootste, langdurige nagmerrie in sy lewe gaan wees en bly of dat dit deur 'n katarsis heen die wonderlikste (alhoewel pynlike) geboorte kan wees van 'n nuwe mens wat nuwe hoop op die toekoms het en opnuut deur sy Verlosser in vrugbare diens gebruik sal word. Hierdie studie betoog vir hoop. Selfs die mense wat op een of ander wyse aan die predikant verbind is, het behoefte aan hulp en hoop.

Is dit daarom enigsins vreemd dat predikante wat deur die gevoelens van skande en oneer vasgevang is met vrees en bewing sal poog om weg te kruip vir die oë en tonge van die gemeenskap. Hoe erg is dit dat hy nie eens binne die geloofsgemeenskap waar hy gedien het, gemaklik kan beweeg sonder die moontlikheid dat ernstige gevoelens van skaamte hom sal oorval nie. Hy vrees kontak met mense. Hy vrees die veroordeling van die lidmate. Hy is angstig en onseker. Hy moet sy skande en skaamte probeer wegsteek vir die gemeenskap waarbinne hy met vrees leef. Dit neem ontsaglik baie geestesenergie om so te

leef. Later kan alles te veel raak. In so 'n mate dat destruktiewe denkwyses soos moord en selfmoord die daaglikse denkvennoot van die predikant word.

Die tugproses kan nie anders as om skuld en skuldgevoelens by die predikant te veroorsaak nie. Wanneer iemand die morele en sedelike wette van God oortree en daardeur bewus word van sy oortreding van die norm en standaard sal hy skuld daarvoor dra. Dan sal daar skuldgevoelens wees. Dit is normaal. Hierdie studie wil dan ook nie voorstaan dat enige iets van hierdie aspekte van die tugproses genegeer of afgespeel word nie. Inteendeel. Dit is die dure verantwoordelikheid van die predikant om volle verantwoordelikheid vir sy dade en die gevolge daarvan te dra (Adams 1973:112-113).

Maar al te dikwels word hierdie skuld as gevolg van iets wat verkeerd gedoen is, omgekeer in 'n gevoel van skaamte, skande en oneer ten opsigte van die persoon van die predikant. Hierteen wil hierdie studie betoog. Wanneer dit die geval is dan word die mens van die predikant ten diepste aangetas.

Die skuldfaktor kan hanteer word, want daar is 'n manier om van skuld ontslae te raak. Die skandfaktor bly egter vaskleef en beïnvloed die hele toekoms van die predikant. Dit is juis hiervoor dat nuwe weë gevind moet word. Predikante behoort deur hulle geloofsgemeenkskap ondersteun te word sodat hulle hierdie traumatiese situasie suksesvol kan deurwerk en hulle weer in diens van God kan tree. Skuldvry en met die nodige hoop op 'n nuwe toekoms

## 5.6. <u>Holistiese begeleiding</u>

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(e) Hoe kan 'n holistiese pastorale begeleidingsmodel groter stukrag verleen tot 'n verbeterde praktyk ten opsigte van die tughandeling van predikante? Heitink (1977:84) beklemtoon dat hulpverlening of dan in terme van hierdie studie, begeleiding, nie slegs vanuit een invalshoek benader moet word nie. Die hele mens - liggaam, siel en gees - is betrokke. Die mens (predikant) se lewe word dus nie gekompartementaliseer nie, maar binne 'n antropologiese teologie word die eenheid van die mens in gedagte gehou. Barnard (1994:69) sluit hierby aan. Hy sê die hulp moet omvattend wees. Die beste insigte van die sielkunde, die psigiatrie en die sosiologie moet verenig word met die beste hermeneutiese, teologiese en pastorale insigte. Die

gesigspunt vanuit die evangelie moet alles in 'n nuwe lig stel: "die hele mens, die hele persoon, die hele lewe, die totale heelwording, die hele verband, die hele evangelie – dus persoonsorg, gemeentesorg, totale sorg, lewenshulp en geloofshulp." Daar word dus gesteun op alle moontlike middele, kennis en metodes. Maar van begin tot einde is dit die metode van God wat deur Sy Heilige Gees in mense tot mense werk.

**5.6.1. <u>Fisies</u>**

Fisiese probleme wat 'n psigologiese en emosionele oorsprong het, duik telkemale op in die lewe van predikante wanneer hulle die tugproses beleef. Alhoewel die professionele begeleiding deur die Kerk nie die taak van die mediese dokter vervang nie, is dit tog belangrik om daarvan kennis te neem. Die onverwerkte trauma en ander sake kom sit in die liggaam van die predikant en eis aandag. Indien hierdie sorg nie voldoende is nie, sal dit opbou tot groter probleme wat oor die langtermyn 'n verwoestende effek het. Die kerk moet ten minste in die begeleiding van die predikant 'n bewussyn ontwikkel vir die groter effek van die tughandeling.

**5.6.2. <u>Psigies-emosioneel</u>**

Predikante voel dat hulle deur 'n goeie lewe, die regte optrede en 'n verandering van gedrag weer vir hulself die pad kan oopwerk na die herstel van die amp. Dit is weliswaar reg dat predikante met hernude toewyding hulle heil met vrees en bewing sal bewerk. Maar dit is nie die beginpunt om skuldgevoelens te hanteer nie. God se onvoorwaardelike vergifnis eerste en daarna 'n heilige en aan God welgevallige lewe.

Die predikant wat dan ook boonop met gevoelens van skande en oneer worstel, se verdedigingsmeganismes is 'n aantal strategieë waardeur die pyn van die gevoelens verdedig of verplaas word. Die doel is om te maskeer – weg te kruip – en deur valsheid en wanvoorstelling te probeer om 'n "ander" persoon te wees.

Omdat skuld en skande so naby mekaar lê, en so moeilik skeibaar is, is dit nodig om die onderskeid te handhaaf omdat die suksesvolle verwerking daarvan in twee verskillende prosesse lê. Skuld kan dikwels uitgeken word aan die woorde van die persoon wat sê: "Ek het *dit gedoen"*. Skande en oneer kan op sy beurt gehoor word in die woorde: "*Ek* het dit

gedoen". Skuld is fenomenologies van aard, terwyl skande en oneer ontologies is. Die een fokus op die verkeerde daad en die ander op die defektiewe persoon wat die daad gepleeg het.

Predikante wat skaam is oor hul eie swakheid sal probeer om dit te ontken, afstand te skep, die gevoelens te deflekteer of op ander oor te dra. Dit is maniere om van die pyn van die gevoelens ontslae te raak. Die predikant probeer alleen maar sy innerlike menswees beskerm. Ongelukkig is dit onsuksesvol en nie die oplossing vir die probleem nie.

Predikante wat voel dat hulle vanweë die defek in hulle persoon nie langer aanvaar word en dat ander vir hulle lief is nie, beleef verder ook liefdeloosheid teenoor ander. Hulle keer in tot hulself en daar is nie uitreiking na ander nie. Wanneer daar geen liefde is nie, is daar ook geen gevoel van eiewaarde nie. Hierdie persone moet dan probeer om hulself en hul bestaan te regverdig deur  defensiewe en deflekterende strategieë.

Die ware oplossing van hierdie probleem lê in die wete dat God alreeds waarde toegevoeg het tot die lewe, omdat Hy die Skepper, Hersteller en Onderhouer is van die lewe van elke mens. Hierdie waarheid kan alleen deur die geloof aanvaar word. Nie alleen intellektueel nie, maar veral eksistensieel. Dit moet 'n geloofsvertroue wees dat God genadig, liefdevol, barmhartig is. Dat God saam met mense in hulle pyn deel. Hy is 'n medelydende God wat hulle pyn op homself neem en daarmee wegdoen.

Die predikant moet dit met sy hele wese beleef dat hy nie langer hoef te soek na maniere om die skande en oneer te verdedig nie. Hy kan alleen maar aanvaar dat God hom reeds verander het en 'n nuwe lewe gee as gereinigde en geheiligde lieflingskind van God.
"Makliker gesê as gedaan" lui die spreekwoord. Dit is veral waar van die verwerking van skande en oneer. Absolute, onvoorwaardelike liefde is die vereiste vir 'n persoon om 'n totale oorgawe aan God te maak. Hulle moet hulle hele lewe - verlede, hede en toekoms - aan God kan toevertrou. Hy alleen maak regverdig. Hy maak nie oor nie, Hy maak hulle nuut. Hy verander nie maar net nie, Hy transformeer hulle.
Die gelowiges besef dat die geloofslewe 'n lewenslange verbintenis is wat deur groei en ontwikkeling gekenmerk word. Daar is nie vinnige kortpaaie in die geloofslewe nie. Deur harde werk en toewyding kom gelowiges daagliks nader aan die ideaal wat God stel,

naamlik om die voorbeeld van Sy Seun na te volg en om die hele lewe aan Hom toe te vertrou.

Die diepste nood van die mens is sy sondenood. Dit omvat die mens in sy totaliteit. Bevryding vanuit dié nood geskied nie vanuit die mens self nie, maar is moontlik deur die genade van God in Jesus Christus. In Jesus is die sondaar 'n begenadigde sondaar. Al het die mens hoe diep geval, kan die pastoraat die aanbod van genade maak. God wil die mens tot geloof en bekering bring deur die aanbod van genade. Dit het verreikende gevolge vir die mens in sy totaliteit as psigosomatiese eenheid (Dreyer 1981:32).

Van Iersel et al (2009:217-226) lewer 'n bydrae tot die verwerking van skuldemosie wat hier van toepassing is. Herstelgerigte pastoraat is die sentrale ingreep om die verwerking van skuldgevoelens te hanteer en te verwerk. Wat hierdie studie betref, sal die bydrae as volg vertolk kan word.

- Skuldverwerking en innerlike genesing is 'n persoonlike ervaring en is nie afhanklik van ander nie. Dit kan gebeur dat iemand wat te nagekom is nie die ander een kan vergewe nie of dat wanneer iemand in staat is om die ander te vergeef, daardie persoon dalk nie dit kan regkry om homself te vergeef nie. Met dit in gedagte moet skuldverwerking gefasiliteer word deur die pastorale begeleiding wat op herstel fokus.
- Die predikant moet begelei word om in homself die krag te vind om met die proses van skuldverwerking te begin. Dit is nie maar sonder meer 'n natuurlike proses wat van predikante verwag kan word omdat hulle self geestelike begeleiers is nie. Tydens die krisis van die tughandeling is predikante aan die effek van trauma blootgestel en kan hulle nie meer vrye keuses maak nie. Die kerk moet hulle begelei om ook geduldig te wag dat die teenparty gereed is om die proses van skuldvergifnis te ontvang. Hulle moet begelei word om teleurstellings te oorkom en om staande te bly indien ander partye nie bereid is om met die herstelproses saam te werk nie.
- Predikante moet begelei word om die skuld openlik in die oë te kyk en om daaroor te kan praat. Verantwoordelikheid beteken juis dat mense gelei word om vry te wees deur getrou te bly aan hulle eie self en wese.

- Die ervaring van skuldgevoelens en die belewing van skuldbesef is nie dieselfde nie. 'n Persoon kan presies weet wat verkeerd geloop het, sonder om die besef daarvan op homself van toepassing te maak. Net so kan die aanwesigheid van skuldgevoelens nie altyd herlei word tot ware skuld nie. Hierdie saak is reeds in Hoofstuk 2 behandel. Wat hier van belang is, is dat die uiterlike belewing van skuldgevoelens en skuldbesef nie die enigste aanduiding is van die egtheid daarvan al dan nie. Skuld en skandegevoelens kan ook dikwels dieselfde manifesteer en tog is die pad na herstel nie dieselfde nie.
- Skuld moet nie hanteer word deur daaroor te tob en die self daardeur te kwel nie, maar dit moet handelend opgelos word deur die pad van berou en vergifnis te vind.
- Skuldverwerking is 'n voorwaarde vir singewing en sinbelewing.

Heitink (1998:162) wys op sekere gevaarsones wanneer oor geloof en geestelike gesondheid gepraat word. Skuld is een hiervan. Die hemelhoë skuldlas wat gelowiges op hulself en ander plaas, kan soms moeilik suksesvol verwerk word. Die wyse waarop die leer oor die regverdiging hanteer en geïnterpreteer word, is van kardinale belang in die begeleidingsproses.

**5.6.3. <u>Geestelik</u>**

Die predikant is 'n gelowige, dikwels tydens die tughandeling 'n ontnugterde gelowige. Teleurgesteld in homself en ook in die ander medegelowiges. Gevang tussen die wete dat sy geloof ook maar nie die aanslae van die greep van sonde kon weerstaan nie. Verdwaas dat medegelowiges met so min liefde en geloofsgemeenskap kan optree. Mense van wie dit waar geword het dat hulle geloofsvrae, lewensvrae geword het en dat hulle soekend is na singewing in hulle bestaan (Heitink 1977:229). Vir hierdie mense is die pastoraat 'n begeleiding na vernuwing. Die verhouding tussen die begeleier en die predikant is een van bemoediging (Heitink 1977:233,235). Bemoediging omvat alle vorme van pastoraat. Dit sluit, vergifnis, vermaning en vertroosting in. Die Christelike geloof is in diepste 'n geloof van hoop en is op die vernuwing van die mens gerig, omdat God altyd ten goede werk. Die goeie werk wat Hy begin het, sal Hy voortsit totdat Hy dit voltooi. (Filippense 1:6).

## 5.7. Verantwoordbare begeleiding

Vraag 5(f) is van toepassing. Op watter wyse kan die tugpastoraat 'n rol speel in verantwoordbare optrede tydens die tughandeling?

### 5.7.1. Kerkordelik

Hoe kan die "pastoraal-kerkregtelike" aard van die amptelike opsig en tug verstaan word? Wat is die betekenis daarvan vir die Teologie en praktyk van die tughandeling ten opsigte van predikante en hul belewing daarvan? Volgens die Kerkorde (2007) word die kerklike opsig en tug uitgeoefen volgens "voorskrifte". Kan die voorskrifte anders geïnterpreteer en toegepas word as wat huidiglik die geval is en is die toepassing deursigtig, objektief en meetbaar? Sou die Kerk waarlik deur hierdie voorskrifte 'n gestandaardiseerde en uniforme tughandeling kon verseker wat tot die verhewe tugdoel sou kon bydra? Met elke geval wat so besonders en uniek is vanweë 'n verskeidenheid faktore word ook die voorskrifte daaromheen baie moeilik. Het die toepassing van die "voorskrifte" nie reeds verskeie hofsake teen die Kerk gebring nie? Lê daar nie juis hier 'n groot bron van ongelukkigheid in die tugproses nie?

Visser (1982:588) skryf dat wanneer die tugreg van meerdere vergaderings nie suiwer volgens die Skrif en Kerkorde uitgeoefen word nie, lei dit tot oneer van God, tot nadeel en verskeuring van die Kerk van Christus en tot skade van die beskuldigde ampsdraers. Voorbeelde hiervan is duidelik te sien in die empiriese navorsing wat vir hierdie studie gedoen is. Daar sal dus in die toepassing en die begeleiding van predikante ernstig gewaak word om die ordelike pad te loop.

### 5.7.2. Begeleiding wat billik en regverdig toegepas word

Hoe kan tug billik en regverdig toegepas word? Wat is die reëls en kriteria? Word tug tans billik en regverdig toegepas? Hoe word dit gemeet en voldoen dit aan die vereistes wat gestel word? Wat is die verhouding tussen die Ring en die plaaslike Kerkraad van die gemeente waarbinne die evangeliedienaar werk wanneer dit by die tughandeling kom? Verkry die Ring prioriteit in sy handelingsbevoegdheid teenoor die Kerkraad? Indien dit so is – waarom? Waarom het die Ring tugbevoegdheid oor evangeliebedienaars? Watter

verband het dit met die N.G. Kerk se kerkregeringstelsel? Het die kerkregeringstelsel 'n voordelige of nadelige effek op die wyse waarop die tugproses voltrek word ? Word die geloofs- en liefdesgemeenskap van die kerk nie hierdeur in 'n groot mate gestrem nie? Hierdie en ander vrae noop die kerk om hand in eie boesem te steek oor die regverdigheid en billikheid van die huidige tughandeling.

Die predikant en alle betrokkenes moet vanaf die eerste oomblik vertroue hê in die proses. Almal moet die integriteit van die proses waarborg en vertrou. Om dit te verseker, sal verg dat die geestelike kragte van die geloofsgemeenskap in spel gebring word. Die geestelike karakter en aard van die tugproses sal die toon van die proses bepaal en die verhewe doel van die tughandeling sal altyd voorop staan. Het predikante vertroue in die tughandeling as proses en die mense daarby betrokke? Dit is 'n blywende eis wat gestel word.

Kan die ondersoekliggaam werklik objektief bly indien hulle nie alleen die gerug moet ondersoek, die klag moet verwoord, die verslag moet voorberei en die klagte ondersoek nie? Is dit Juridies gegrond? Word daar nie die absolute onmoontlike van die ondersoekliggaam verwag nie? Hulle formuleer die klag of *help die klaer om die klag te formuleer(!)*, lewer die klag af aan die aangeklaagde, kla die predikant aan, ondersoek en verhoor die predikant, neem besluite en lewer 'n uitspraak! Die vraag kan gevra word: "Kan al hierdie funksies en verantwoordelikhede in een liggaam gesetel wees?" Ten slotte sou die vraag ontstaan of hierdie liggaam dan werklik nog die spirituele gawes van die liefdes- en geloofsgemeenskap kan vergestalt?

Die kerkregtelike aspekte van die tughandeling soos vereis tydens die proses is hier onder bespreking. Alhoewel die Artikels se bydrae tot 'n billike en regverdige ondersoek nie bevraagteken word nie, is die vraag eerder hoe die spirituele aspek daarvan in hierdie raamwerk funksioneer? Dit blyk steeds die uitdaging van die kerk om albei aspekte van die tughandeling gebalanseerd in spel te bring. Sonder om die klem op die een of die ander te laat val, is dit dringend nodig om nie die pad byster te raak en die tughandeling in 'n wêreldse regsaak te laat verval nie.

Skorsing sonder begeleiding maak geen sin nie. Niemand is tog later (wat ookal die tydsfaktor sou wees) in staat om oor die aangeleentheid verslag te lewer indien daar nie 'n formele en amptelike begeleidingsplan vir die skorsingstyd is nie. Die predikant en alle

belanghebbendes behoort hierby betrek te word. Die werklikheid weerspieël egter juis die teendeel. Predikante word afgesny van die geloofsgemeenskap en haar gawes soos byvoorbeeld die gebruik van die nagmaal en moet later sonder hulp en ondersteuning "bewys van egte berou" toon. Dit is mos absurd om dit te bedink dat daar verslag van 'n emosionele belewing gegee moet word sonder dat die kriteria waarteen dit getoets kan word saam bepaal is nie? Kan die kerk met eerlikheid sê dat die tugmaatreëls en die opheffing daarvan deeglik bedink en beplan word met die verhewe doel van die tughandeling in gedagte?

Die gemeente het die onvervreembare reg om nie slegs tydens die normale gang van sake bedien te word met 'n volledige program waartydens die geestelike geloofsopbou voorrang geniet nie, maar ook en veral ook tydens traumatiese momente in die lewe van 'n predikant en die gemeente soos tydens die tughandeling.

Die geestelike en emosionele ontwrigting van die gemeente moet volledig verstaan en hanteer word. Die gemeentebediening moet voortgaan sodat die gemeente opgebou en toegerus sal wees vir hulle dienswerk en sodat die Here van die Kerk daardeur verheerlik sal word.

'n Deurlopende assessering- en moniteringstelsel behoort te funksioneer wanneer 'n predikant sy egtheid van berou moet kan bevestig en 'n kommissie dit kan aanvaar en die verdere voortgang van die tughandeling kan verseker. Predikante en kommissies staan dikwels verleë wanneer hierdie tyd tydens die tughandeling aanbreek aangesien daar

- eerstens geen begeleiding plaasgevind het nie en die kommissie of 'n ander amptelike verteenwoordiger van die kerk nie oor die egtheid van berou kan verslag doen nie
- tweedens geen formele assesseringstegniek of middel beskikbaar is om die pad van berou en verandering wat die tugmaatreëls in die lewe van die predikant teweeggebring het, kan aandui nie
- derdens is daar geen objektiewe standaarde waarvolgens hierdie evaluering gemaak kan word nie.

Die begeleidingsproses sal gefokus wees op

- herstel en heroriëntering.
- die beperking van verliese.
- die ontwikkeling van nuwe bedieningsvisie
- en die behoud van die diensbaarheid van die predikant.

## 5.8. <u>Prosesmatige begeleiding</u>

Vraag 5(g) is van toepassing. Hoe kan deurlopende pastorale begeleiding die huidige praktyk tydens die tughandeling van predikante verryk?

Dit is nie te betwis dat daar baie predikante is met heimlike sondes waarvan niemand weet nie en wat nie in die openbare oog kom nie. Ongeag die redes hiervoor is dit uiters noodsaaklik om dit te besef. Hier het die kerk 'n bedieningsroeping om die kerklike opsig te laat funksioneer. Die taak om deur alle moontlike middele en kanale die spirituele lewe van predikante tot eer van God op te bou en te ontwikkel kan nie oorbeklemtoon word nie. Inteendeel – dit is juis in hierdie opsig dat die kerk heel moontlik versuim om 'n voorkomende rol te speel in die noodsaak van die toepassing van die tughandeling. Die onwilligheid van predikante om byvoorbeeld aan die mentorskapprogram van die Kerk deel te neem veroorsaak nie net vir hulself nie, maar vir die hele Kerk meervoudige probleme. Mentorskap behoort nie 'n opsionele ekstra vir die bediening te wees nie, maar 'n deurlopende en verpligte ontwikkelingsprogram. 'n Mens sou graag wou sien dat alle predikante vrywillig hieraan deelneem.

Hierdie opmerking sluit aan by die bogenoemde, naamlik op watter wyse word voorkomend opgetree wat die "hele lewenswandel (leer en lewe) van die predikant betref?" Aan wie is hy verantwoording (buiten die Kerkraad) verskuldig op so 'n wyse ten opsigte van sy lewenswandel en leer dat dit 'n positiewe, sonde-weerhoudende effek sal hê? Dit is dikwels tydens hierdie deel van die proses dat predikante reeds geheel afgsny is van enige amptelike ondersteuning en begeleiding. Alhoewel die ondersoek noodsaaklik is en deeglik gedoen moet word, is dit nie juis nou die tyd om reeds te begin met die mentorskap en begeleidingsprogram nie? Waarom moet daar gewag word vir die amptelike ondersoek en die finale (rampspoedige) uitslag. Daar sal sterk geargumenteer word vir deurlopende

betrokkenheid op alle vlakke van die predikant en sy gesin se lewe reeds in hierdie tyd. Moet ook nie die rol van die gemeente versmaai nie.

Ons kan die tughandeling as ‘n reeks prosesse beskryf (vergelyk Hoofstuk 1.2.4:51-66). Dit sal meteens ook impliseer dat ons die begeleiding van die predikant tydens die tughandeling, eweneens as prosesmatig kan voorstel. Die prosesse van die tughandeling sal die prosesse van die begeleiding eintlik voorskryf, in die sin van die begeleiding wat reaksionêr volg op die tughandeling. Aan die ander kant sal die begeleiding van predikante ook proaktief wees deurdat dit die moontlike gevolge van die tughandeling vooruit bereken en met die nodige ingreep, betyds pastoraal toetree. Die laaste woord is nie gespreek wanneer die predikant gelukkig genoeg is om weer in die gemeente of na ‘n beroep in ‘n ander gemeente sy ampsbevoegdheid kan voortsit nie. LaHaye (1990:169) beklemtoon die prosesmatige aspekte van die herstelproses van predikante. “And we should remember that restoration is a process, not an instantaneous experience”


Die tughandeling het bagasie. Hierdie bagasie word deur gemeentelede saamgedra en dit suurdeeg selfs deur na ‘n ander gemeente waar die predikant later sy werk verder neem. Pastorale begeleiding is dus ‘n langtermynproses. Predikante raak nie sommer oornag ontslae van hule eie bagasie, gevoelens en ervarings soos beleef tydens die tughandeling nie. Eintlik moet dit sterker gestel word. Die tughandeling en die effek daarvan is ‘n metgesel van die predikant vir die res van sy bedieningstyd. Ook indien hy nie weer beroep sou word na ‘n colloquium doctum of herstel van ampsbevoegtheid nie, dring die gevolge van die tuughandeling nog sterker aan tot voortgesette begeleiding.

‘n Skematiese uiteensetting van die bedieningsroete wat persone moet volg om toegelaat te word tot legitimasie en die bediening van die Woord in ‘n gemeente of breër kerkverband (soos dit huidig in die N.G. Kerk plaasvind), werp meer lig op die begeleidingsleemtes wat bestaan, wanneer ‘n predikant se bediening deur die tughandeling geraak word. ‘n Persoon wat homself aanmeld vir die proses van toelating tot die bediening doen dit omdat hy daarvoor die innerlike roeping van die Here self ontvang het. Wanneer hy dus deur sy eie toedoen en optrede hierdie roeping oneer aandoen, veroorsaak dit ‘n krisis en trauma wat ongekende negatiewe en destruktiewe gevolge het. Daarom sal die toepassers van die tughandeling hulself op ‘n terrein van die kerklike verantwoordelikheid bevind wat nie met

regterlike saaklikheid afgehandel behoort te word nie, maar met Christelike bewoëndheid en liefdevolle betrokkenheid.

LaHaye (1990:169) se voorstel vir die herstel en opbou wat benodig word na die tughandeling kan nie verontagsaam word nie. "The restoration process should begin by helping the minister rebuild his spiritual life, his marriage and family, and his fellowship in the body of Christ. Ideally that rebuilding should extend to restoration to ministry".

**<u>Skema 12 </u>Voorstelling van die bedieningsroete wat persone volg om in die N.G. Kerk. Predikant te wees en die effek van die tughandeling ten opsigte van ampsbevoegtheid**



Hierdie skematiese voorstelling wys duidelik dat die toegang tot die bediening 'n lang voorbereidingstydperk insluit. Monitering en assessering is deel van die begeleidingsroete om toegelaat te word tot die bediening. 'n Kandidaat kan ter enige tyd faal om aan enige aspek van die bedieningsroete te voldoen. 'n Nie-bevredigende akademiese resultaat sal byvoorbeeld die toegang tot die bediening blokkeer. Wanneer 'n kandidaat egter suksesvol is in al die verskillende vlakke van geskiktheid sal hy toegelaat kan word as predikant om binne 'n gemeente te kan dien.

Aan die ander kant is daar die drieledige proses van die tughandeling wat die bedieningsbevoegtheid van 'n persoon direk in gedrang bring. Assessering is ook tydens hierdie handeling ter sprake aangesien predikante bewys moet kan toon van egte berou voordat die tugmaatreëls opgehef kan word.

- Eerstens is daar die moontlikheid van stuiting na 'n voorlopige ondersoek.
- Tweedens is daar die toepassing van die tugmaatreëls soos tydelike sensuur en skorsing.
- Derdens is daar ontslag en die beëindiging van ampsbevoegdheid.
- Vierdens is daar die weerhouding van die vervulling van die bediening van die Woord, omdat 'n beroep nie ontvang word nie.

## 5.9. Beperkende en verruimende begeleiding

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(h) op watter wyse kan die Kerk in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling die intensiteit van negatiewe skuld-en skandgevoelens beperk en die suksesvolle verwerking daarvan vergroot?

### 5.9.1. Beperking van die effek van negatiewe skuld- en skandgevoelens

Predikante en geloofsgemeenskappe se sedelike en morele eise is baie hoog. Eintlik hemelhoog. Hulle moet beide beantwoord aan die hoogste morele en sedelike standaarde soos deur die God wat hulle dien en aanbid, bepaal is. Inteendeel, dit is 'n standaard wat gelyk is aan die standaard wat God self handhaaf. Enige afwyking hiervan – veral een waar predikante dit goedsmoed oortree het en in die openbaar daarmee gekonfronteer word – veroorsaak baie trauma.

Die Christelike geloofsgemeenskap is 'n unieke "samelewing" en is vir hulle optrede nie alleen aan mekaar verantwoording verskuldig nie, maar in die eerste plek aan God. Die Bybel is die objektiewe maatstaf vir die lewe van gelowiges. Hierin vind hulle die eise en verantwoordelikhede van 'n geloofslewe opgeteken. Ons moet hierdie besondere hoë standaard duidelik verdiskonteer in die belewing van skandgevoelens tydens die tughandeling, want dit bepaal die intensiteit van skande en oneer wat beleef word tydens die tugproses.

In die N.G. Kerk is die predikant nog altyd in 'n groot mate gerespekteer en geëer vir die amptelike roeping wat hy vervul. Hy word beskou as die "dienaar van die Here", die "gesalfde van God". Die besondere posisie wat tradisioneel aan predikante toegeken word, is sekerlik deel van die determinante wat die skande en oneer van die tugproses vergroot en soms buite verhouding opblaas.

"Shame reaction" is die prosessering van die gebeure van skande en oneer soos dit ondervind word tydens die krisis. Waar "shame anxiety" verwys na dit wat kan gebeur – is "shame reaction" die belewing van die gebeure self. In die geval van die tughandeling is die predikant se sonde(s) bekendgemaak deurdat 'n gerug of klagte ondersoek word. Dit sluit ook die hele tugproses in tot en met die toepassing van die tugmaatreëls.

Dit is nou die tyd waarin die predikant eksistensieel die situasie van skande en oneer kan beleef. Die angsgevoelens van die verlede word bewaarheid en verder vergroot omdat die predikant weet dat die gevolge van sy optrede nie hier eindig nie, maar die res van sy lewe by hom gaan bly. 'n Natuurlike reaksie is onmiddellik dat verdedigingsmeganismes in plek kom aangesien elke mens 'n beperkte hoeveelheid skande en oneer kan beleef voordat hy daardeur oorweldig word. Elkeen het 'n drempel en die drempel word beskerm deur verdedigingsmeganismes.

Laastens is die "shame attitude", die geakkumuleerde skande en skaamte ervarings wat oor 'n leeftyd ontwikkel en opgebou is. Dit lei tot 'n bepaalde houding van skaamte en skande. Die lewe word deur hierdie bril bekyk en daar word volgens hierdie gevoelens geleef. Die persepsies en interpretasie van alle lewensgebeure word nou deur hierdie ontwikkelende identiteit geraak. Uiteindelik is dit 'n maalkolk van sentripitale magte wat die lewe van die persoon oorheers en ernstige ontwrigting veroorsaak.

Hierdie aspek van skande en oneer woed homself sekerlik ook deeglik uit tydens die tugproses en daarna. Die fokus is so op die verdediging dat daar nie by die proses van skuldbelydenis, vergifnis en herstel kan uitkom nie.

Predikante en lidmate maak baie keer sulke sosiale foute en moet dikwels rooigesig die kop in skaamte laat sak oor die optrede. Dit lei tot gevoelens van teleurstelling en verleentheid. ‘n Predikant kan so maklik ‘n baie bekende Bybelvers se plek in die Bybel vergeet en dan soos ‘n gek voel omdat hy dit nie eers kan onthou nie. Hoeveel keer het ‘n diaken nie al ‘n bordjie met die dankoffer in die Kerk laat val nie? By geleentheid het ‘n predikant bloedrooi van skaamte sy kop laat sak nadat hy die nagmaalsbeker op die tafel omgestamp het. Omdat dit dalk alles verhoed kon gewees het, blameer die persone hulself en dit vergroot die vernedering en voel hulle in hul eie oë en in die van die gemeente soos gekke.

Wanneer ons egter oor die skande en oneer van die tugverhoor praat, kan ons dadelik aanvoel dat dit nie in dieselfde kategorie val as bogenoemde Bybelse en alledaagse voorbeelde nie. Bogenoemde situasies kon met ‘n bietjie humor en die afmaking daarvan as menslike swakheid van die tafel gevee word. Niemand het nodig gehad om weer daaroor te dink nie. Die tugproses is egter ‘n perd van ‘n ander kleur. Daar is ‘n morele en sedelike komponent in die tugsituasie ter sprake. Hier is ‘n moedswillige oortreding van God en die geloofsgemeenskap se morele en sedelike kodes op die spel. Dit maak die erns van die situasie baie anders as die waarin dit bloot gaan oor die beeld van die ideale self wat verskil van die werklik self in die alledaagse situasies.

Baie meer is hier op die spel. Alles is op die spel. God se eise en Sy verwagtings is teleurgestel. Die geloofsgemeenskap is teleurgestel. Die predikant het homself en sy gesin teleurgestel. In sy eie oë en in die van ander is daar verleentheid. Skande en oneer volg so noodwendig as die lig die opkoms van die son volg. Almal praat daaroor en die predikant voel nie alleen maar ‘n teleurstelling in homself nie, maar ‘n diepe afkeer ontwikkel. Ontnugterd oor die swakheid van sy geloofslewe en sy onvermoë om enduit die pad te loop, voel hy ‘n skaamte wat insny tot in die diepste van sy innerlike self. Om hierdie intense gevoelens te hanteer, val die predikant soms terug op ontkenningstegnieke.

Wanneer 'n predikant per ongeluk die koordlose mikrofoon aan vergeet en dan 'n "verkeerde" opmerking maak wat tot sy verleentheid strek, lei dit daartoe dat die gemeente dalk daaroor lag of maar net hulle koppe skud. Met die tugverhoor is hulle reaksie drasties anders. Ook die mense se optrede hou verband met die erns van die situasie. Dikwels lei dit tot die gevoel van veragting vir nie alleen die optrede nie, maar ook vir die persoon van die predikant. Dit plaas druk op albei partye om dan in hierdie situasie nog steeds Christus vir mekaar te modelleer. Hier lê die uitdaging tot ware geloofsgehoorsaamheid en Christelike optrede ten tye van ernstige krisis en trauma in die gemeente.

Predikante leef met baie hoë verwagtings van hulself. Dit word begin deur die gedagte dat hulle deur God geroep is as Bedienaars van Sy Goddelike Woord. Hulle is die draers van die Evangelieboodskap. Aan hulle is die eeue ou Woord van waarheid toevertrou en dit moet hulle aan die mense bemiddel. Saam met hierdie roeping gaan al die take en verantwoordelikhede van predikantwees. Daar is al die Bybelse verwagtings en dan ook die Kerkorde (Artikel 9) wat die taak van die predikant uitspel. By dit alles is die predikant self 'n gelowige en dit bring vanuit die Bybel sekere verwagtinge en eise mee.

Voeg hierby nou die "status" wat in die oë van die geloofsgemeenskap aan die amp van predikant kleef. Verder al die verwagtings van wie en wat 'n predikant nou eintlik behoort te wees en wat hy behoort te doen. Saam met dit alles ook die druk van die samelewing dat geestelike leiers soos die predikant dikwels leiding moet neem in baie situasies. Daar is dus 'n vertroue in die predikant en hy word gevra om op die beheerliggaam van skole te dien (dikwels as voorsitter), gemeenskapsforums te lei en velerlei ander take te verrig.

Die predikant staan dus vanweë sy eie en ander se verwagtings voor die uitdaging om foutloos en vlekloos en blaamloos deur die lewe te gaan. Helaas is dit die heel laaste moontlikheid. Die statistiek toon dit maar al te duidelik. Predikante faal en val. Sonder aansien van die persoon en met geen voorbehoud nie. Dit is inteendeel 'n wêreldwye tendens onder geestelike leiers.

Die skande en skaamte van die tugproses en die oneer wat daarmee gepaard gaan om uit die amp afgesit te word, is nie die gevolg van 'n klein of selfs ernstige "minderwaardigheidskompleks" nie. Dit is nie maar 'n geringe defek of vae gevoel van persoonlike ontoereikendheid nie. Ten diepste is dit die ontdekking voor God dat jy nie in

staat is om soos Hy te wees nie. Dit is die erkenning dat jy die verwagtings van die mense teleurgestel het. Dit is die wete dat jou ideale beeld en begeerte van predikantwees nie opmeet teenoor die werklikheid van jou sondige aard en optrede nie.

Die skaamte en oneer wat beleef word, is nie 'n oppervlakkige en verbygaande gevoel nie. Dit kom steek vas met die doel om lewenslank te bly. Elke gedagte aan die tugproses, elke gesprek, elke navraag, elke verwysing daarna bring die intense pyn van skaamte, skande en oneer. Predikante, gemeentes, gesinne en die samelewing ly intens hieronder.

Ons het met ander woorde 'n baie stereotipe beeld oor die rol en persoon van die predikant en dit veroorsaak dat die gevolge van die verbreking van hierdie beelde groot trauma bring in die kerk. Predikante voel dat hulle misluk nie alleen in die bediening nie, maar veral in hulle menswees. Hulle voel klein en nietig. Hulle voel dat hulle deur hierdie defek geëtiketteer en gestigmatiseer word. Uiteindelik kan predikante selfs die tugproses beleef as om tot die rand van die geloofsgemeenskap gemarginaliseer te word. Predikante se oortreding van die morele en sedelike kode van die geloofsgemeenskap lei tot innerlike verwonding en uiterlike verwerping.

Lindhardt in Vos et al (2007:126) skryf: "To handle shame, you have to establish an alternative viewpoint, where acceptance is presupposed and Christ as alternative image of man is presented."

Die grootste vrees wat 'n predikant kan beleef, is dat hy vir God teleurgestel het as gevolg van sy sonde en dat God hom hieroor straf. Die straf behels dat God Homself onttrek uit die lewe van die predikant en dat die liefdesverhouding verbreek is. Soos met God so ook met die mense. Die vrees wat hieraan gelykstaan, is die verwerping en verlating deur mense. Deur die naaste. Dit lei onafkeerbaar tot selfverwerping.

Gelowiges sal alles doen wat hulle moontlik kan om te verhoed dat hulle deur God en mens verlaat word, want die skande en pyn van verwerping is ondraaglik. Die verwerping bevestig aan die mens dat hy nie goed genoeg is nie en dat daar definitiewe foute is wat hom onaanvaarbaar maak. Predikante wat hierdie verwerping beleef se selfbeoordeling is gevolglik negatief en word verder bevestig deur die feit dat mense hom begin vermy. Soms verlaat selfs sy gesin hom.

### 5.9.2. Verruiming van die suksesvolle hantering van skuld- en skandgevoelens

Suksesvolle begeleiding in die hantering van skuld- en skandgevoelens is in die

- eerste plek afhanklik van ‘n kennis van die eiesoortige aard, oorsprong, en funksie van beide gevoelens. Hiervoor is ‘n geïntegreerde kennis soos vanuit die psigologie en teologie verkry, baie belangrik.
- tweede plek afhanklik van die perspektief op die funksie van die verskillende emosies. Indien die funksie as gedragsmodifikasie beskou word, open dit nuwe weë tot die begeleiding van ‘n nuwe lewenshouding en die positiewe benutting van die emosie.
- derde plek ‘n uitdaging om die kettingreaksie van emosie soos in die psigologie verwoord, te benut om tot doelrelevansie en doelkongruensie te vorder.
- vierde plek ‘n geleentheid om emosie as ‘n katalisator te benut om nuwe geleenthede te benut en ‘n hoopvolle toekoms te verwag.

Begeleiding van predikante sal uit en uit fokus op die verwerking van die emosionele trauma van die tughandeling en die suksesvolle afhandeling van take wat onderneem word. Die klem is op begeleiding. Dit is duidelik dat predikante nie vanweë hulle eie opleiding, kennis of vaardigheid, in staat is om self ook hule eie pastor te wees nie. ‘n Pastor vir die pastor is uiteindelik ononderhandelbaar.

Tydens die tughandeling is daar egter ook meer ter sprake as net die emosionele. Daarom kan tereg in die woorde van Vos (2008:104-105) gestel word dat die verwonding van die predikant nie die eindpunt is nie, maar die begin van ‘n nuwe lewe. Die Here is ten nouste hierby betrokke. “Sy heilvolle handeling is net so seker as die dag na die nag.”

## 5.10. Samevatting

Hierdie hoofstuk bied ‘n raamwerk vir ‘n verbeterde praktykteorie vir die begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die tughandeling. Die hoofstuk fokus op die begeleidende aspek van tugpastoraat. Bemoediging is die hoop wat bemiddel word. Hoop wat sentraal is aan die Chritelike geloof.

Begeleiding is op vele wyses geformuleer. Elkeen van die aspekte verwoord 'n besondere invalshoek tot die begeleiding van predikante tydens die tughandeling.

- Doelgerigte begeleiding.
- Amptelike begeleiding.
- Funksionele begeleiding.
- Kerklike begeleiding.
- Holistiese begeleiding.
- Verantwoordbare begeleiding.
- Prosesmatige begeleiding.
- Beperkende- en verruimende begeleiding.

## 5.11. Sleutelstellings

Vraag 5(a) Hoe kan tugpastoraat 'n groter bydrae lewer tot die bereiking van die doelstellings van die tughandeling?

| **Sleutelstelling 5(a)** |
|---|

Die tugpastoraat sal die doelstellings van die tughandeling in oog hou en alle prosesse, handelinge en denke rig op die eer van God, die heil van die Kerk en die behoud van die sondaar.

Vraag 5(b) Wat is die bydrae van die verskillende ampte binne die Kerk in die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling?

| **Sleutelstelling 5(b)** |
|---|

Amptelike begeleiding beteken dat die onderlinge sorg, die funksionering van gemeentebou as amptelike sorg en die professionele en kundige pastors, saam die goeie nuus van die evangelie en die Christelike hoop sal uitleef en uitdra.

Vraag 5(c) Hoe kan die funksionele aspekte van die tugpastoraat tot sy reg kom binne die gebeure van die tughandeling?

**Sleutelstelling 5(c)**

Die tugpastoraat fokus op die

- genesing
- bystand
- begeleiding
- versoening
- en koestering as funksie van die begeleiding.

Vraag 5(d) Op watter wyse kan die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in 'n groter mate die kerklike karakter daarvan weerspieël?

**Sleutelstelling 5(d)**

Die kerklike karakter van die tughandeling en begeleiding daar tydens word weerspieël in die volgende aspekte.

- Die prosesse behoort deurgaans 'n geestelike karakter te toon.
- Die tughandeling behoort 'n geloofs- en liefdesgemeenskap se ware karakter te vergestalt.
- Die prosesse moet op kerklike wyse uitgevoer word.
- Die prosesse moet met geestelike middele uitgeoefen word.

Vraag 5(f) Hoe kan 'n holistiese pastorale begeleidingsmodel groter stukrag verleen tot 'n verbeterde praktyk ten opsigte van die tughandeling van predikante?

**Sleutelstelling 5(e)**

Die begeleiding moet op fisiese, psigies-emosionele en geestelike gebied plaasvind. Die eenheid van die mens word vooropgestel.

Vraag 5(g) Op watter wyse kan die tugpastoraat 'n rol speel in verantwoordbare optrede tydens die tughandeling?

**Sleutelstelling 5(f)**

Die pastoraat en die tughandeling moet onderwerp word

- aan die noukeurige uitoefening van die kerkordelike prosedures,
- billik en regverdig toegepas word.

Vraag 5(h) Hoe kan deurlopende pastorale begeleiding die huidige praktyk tydens die tughandeling van predikante verryk?

**Sleutelstelling 5(g)**

Die tughandeling is 'n reeks prosesse wat mekaar opvolg en wat verband hou. Tydens hierdie proses sal die begeleiding van die predikant plaasvind om daardeur voortgang en afsluiting te bewerkstellig.

Vraag 5(h) op watter wyse kan die Kerk in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling die intensiteit van negatiewe skuld-en skandgevoelens beperk en die suksesvolle verwerking daarvan vergroot?

**Sleutelstelling 5(h)**

Die pastoraat beperk die negatiewe invloed en uitwerking van skuld- en skandgevoelens deur die emosies in perspektief te plaas en bou aan die positiewe deur te fokus op die aspek van gedragsmodifikasie.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING

**Bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling.**

## 6.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk is die afsluiting van die studie. Die oogmerk is om die bevindings van die literatuurondersoek en die empiriese navorsing op samevattende wyse aan te bied en sekere aanbevelings te maak.

Die volgende vrae word in die loop van Hoofstuk 6 beantwoord.

- **Vraag 6(a)** Wat is die hoofbevindings van elke hoofstuk van die studie?
- **Vraag 6(b)** Hoe vergelyk die resultate van die navorsing met die navorsingsmetodologie wat gebruik is?
- **Vraag 6(c)** Watter nuwe navorsingsgeleenthede is deur die studie blootgelê?
- **Vraag 6(d)** Wat is die bydrae van die studie?
- **Vraag 6(e)** Watter aanbevelings kan gemaak word?

## 6.2. Bevinding van die navorsing soos beskryf in die studie

Vraag 6(a) is van toepassing. Wat is die hoofbevindings van elke hoofstuk van die studie?

### 6.2.1. Hoofstuk 1 Navorsingsbehoefte en -ontwerp

Hoofstuk 1 is 'n beskrywing van die navorsingsbehoefte en -ontwerp van die studie soos dit fokus op die navorsingstema met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande. Die behoefte aan wetenskaplike besinning van die onderwerp, is verken deur 'n beskrywing van die toepaslike inligting soos gevind in Die Kerkorde (2007), bestaande literatuur, die omvang van die behoefte en die kerklike

tughandeling as proses. Hierna is die navorsingsontwerp deur doel- en vraagstellings, afbakening, navorsingsmetodologie en proses, beskryf.

### 6.2.2. <u>Hoofstuk 2 Emosieteorie</u>

Hoofstuk 2 is ‘n literatuurverkenning van gevoelsbelewing met spesifieke verwysing na die aard en funksie van skuld en skande. ‘n Psigologiese en teologiese verkenning en beskrywing van skuld, skande en die gevoelsbelewing wat daarmee gepaard gaan, is bespreek. In die eerste plek is die begrip gevoelsbelewing of emosie beskryf, waarna die basiese kenmerke en funksies ondersoek is. Die gevoelsbelewing van skuld en skande is deeglik verken wat betref hul oorsprong, aard, indeling en funksie, asook hul verband en samehang. Verwerkingsmeganismes is ook verken.

### 6.2.3. <u>Hoofstuk 3 Tugpastoraat: ‘n Pastorale perspektief</u>

Hoofstuk 3 is ‘n beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling. Tugpastoraat is teologies begrens en begrond. Verder is die subjek, objek en vereistes van die tugpastoraat beskryf, asook die doel, taak, parameters en maatstawwe vir funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit.

### 6.2.4. <u>Hoofstuk 4 Empiriese navorsing</u>

Hoofstuk 4 bevat die beskrywing van die empiriese navorsing. Die navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoude en analise, tematiese analise en die vergelyking van die tematiese informasie en die teoretiese modelle is deeglik bespreek.

### 6.2.5. <u>Hoofstuk 5 Praktykteorie</u>

’n Verbeterde praktykteorie is in Hoofstuk 5 beskryf. Dit volg op die hermeneutiese interaksie tussen die resultate van die empiriese ondersoek en die beskrywing van die literatuurondersoeke. Die insigte wat so bekom is, lei tot nuwe konsepte en dra by tot die herstel of aanpassing van die bestaande praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in die verwerking van skuld en skande.

## 6.3. Evaluering van navorsing met betrekking tot die navorsingsmetodologie

Die volgende vraag is van toepassing. Hoe vergelyk die resultate van die navorsing met die navorsingsmetodologie wat gebruik is?

Ek volg Cresswell (2007:50) se struktuur deur nege argumente aan te bied om die navorsingsmetodologie te evalueer teenoor die resultate wat deur die navorsing verkry is.

**Argument 1**. Ons het nodig om die volgende saak beter te verstaan: die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande.

**Argument 2.** Ons weet baie min van die pastorale begeleiding en emosionele belewing van predikante soos tydens die tughandeling ervaar.

**Argument 3.** Die volgende sake is onder die soeklig geplaas:

- die moontlike bydrae wat die tughandeling lewer tot die gevoelsbelewing van skuld en skande by predikante.
- die aard en funksie van die gevoelsbelewing van skuld en skande tydens die tughandeling.
- die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling.

**Argument 4.** Die deelnemers aan die studie voldoen aan die volgende vereistes:

- Hulle het almal die tughandeling binne die N.G. Kerk ervaar.
- Hulle was bereid om tydens ‘n gestruktureerde onderhoud, ‘n gesprek met die navorser te voer oor hulle belewing van die tughandeling.

**Argument 5.** Die metodes wat vir die navorsing gebruik is, het voldoen aan die verwagtings om die antwoorde op die navorsingsvrae te verkry. Hierdie is ‘n fenomenologiese studie wat op kwalitatiewe wyse, deur middel van ‘n gestruktureerde onderhoudskedule, soos gebruik tydens persoonlike onderhoude, informasie oor die studie-onderwerp te ontgin en beskryf het.

**Argument 6.** Die analise van die informasie wat versamel is, het antwoorde gebied op die navorsingsvrae.

**Argument 7.** Die bevindings van die studie is betroubaar, omdat dit beantwoord aan die wetenskaplike eise van kwalitatiewe navorsing.

**Argument 8.** Die studie was eties en deelnemers is nie benadeel nie.

**Argument 9.** Die studie was praktiese uitvoerbaar en is waardevol in terme van die geïnterpreteerde en geïntegreerde analise.

## 6.4. Nuwe navorsingsgeleenthede

Vraag 6(c) is van toepassing. Watter nuwe navorsingsgeleenthede is deur die studie blootgelê?

Die navorsing het verskeie verdere navorsingsgeleenthede blootgelê. Die volgende onderwerpe is deur die respondente geïdentifiseer.

- Die tughandeling en arbeidswetgewing.
- Empatie en die tughandeling.
- Die Ringskommissie / gesin  se belewing van die tughandeling.
- Die noodsaak van die tughandeling.
- Kerklike prosedures teenoor omgee en versorging.
- Pastorale versorging van die gemeente tydens die tughandeling.
- Innerlike genesing van die betrokkenes tydens die tughandeling.
- Toepassing van die tugmaatreëls.
- Begeleiding om goeie besluite onder druk te neem tydens die tughandeling.

Daarmee saam ook die volgende.

- Die impak van die media op die predikant en geloofsgemeenskap soos van toepassing op die tughandeling.

## 6.5. Evaluering van die bydrae van die navorsing

Vraag 6(d) word bespreek. Wat is die bydrae van die studie?

Hierdie navorsing lewer ‘n gefokusde bydrae ten opsigte van die tughandeling van predikante. Die ondersoek is afgestem op die belewing en die hantering van die emosies van skuld en skande. Die Kerk se begeleidingstaak hierin is deur teoretiese en empiriese navorsing onderneem. Die volgende bydrae word daardeur gelewer.

- ‘n Bewuswording van die trauma van die tughandeling.
- Kennis oor die tipiese aard van die gevoelens van skuld en skande soos wat dit betrekking het op die prosesse van die tughandeling.
- Inligting oor die suksesvolle en ontoereikende maniere van die hantering en die verwerking van die emosies skuld en skande.
- Klem op die effek van die prosesse van die uitgebreide tughandeling.
- Die ontoereikende aard van die Kerk se begeleiding tydens die tughandeling word bekend.
- ‘n Teologiese model vir tugpastoraat is ontwerp.
- Die empiriese navorsing het inligting oor die effek van die tughandeling beskikbaar gestel.
- ‘n Verbeterde praktykmodel is voorgehou.

## 6.6. Aanbevelings

Vraag 6(e) word beantwoord. Watter aanbevelings kan gemaak word?

Die volgende aanbevelings kan gemaak word.

- Die prosesse van die tughandeling moet deurentyd gemoniteer word met betrekking tot die impak wat dit op die gevoelsbelewing van skuld en skande het.
- Pastorale sorg word op alle vlakke van die geloofsgemeenskap se bestaan vereis wanneer die tughandeling van predikante ter sprake kom.
- Professionele pastorale begeleiding is onontbeerlik in die suksesvolle hantering van die trauma van die tughandeling en die hantering en verwerking van gevoelens van skuld en skande.

- Die behoud van ampsbevoegdheid en die herstel tot diensbaarheid behoort prioriteit te geniet tydens die toepassing van en begeleiding tydens die tughandeling.

## 6.7. Samevatting

Hoofstuk 6 is die finale bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling. Hoofstuk 6 is 'n algehele samevatting met bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek. In die eerste plek is die bevindings van die verskillende hoofstukke beskryf en tweedens is die navorsing geëvalueer met betrekking tot die navorsingsmetodologie. Derdens is nuwe navorsingsgeleenthede aangetoon en in die vierde plek is die bydrae van die studie verken. In die vyfde plek is tien stellings geformuleer ten opsigte van die studie en ten slotte word daar sekere aanbevelings gemaak.

## 6.8. Sleutelstellings

Na aanleiding van die vrae soos gestel aan die begin van die hoofstuk en die ondersoek daarna, word die volgende sleutelstellings gemaak.

Vraag 6(a) Wat is die hoofbevindings van elke hoofstuk van die studie?

**Sleutelstelling 6(a)**

Hoofstuk 1 toon die behoefte van die ondersoek en die navorsingsontwerp.
Hoofstuk 2 verken die emosies van skuld en skande.
Hoofstuk 3 is 'n Teologiese beskrywing van tugpastoraat.
Hoofstuk 4 is 'n verslag van die empiriese navorsing.
Hoofstuk 5 is die ontwerp van 'n verbeterde praktykmodel.

Vraag 6(b) Hoe vergelyk die resultate van die navorsing met die navorsingsmetodologie wat gebruik is?

**Sleutelstelling 6(b)**

Die navorsingsresultate is geldig en betroubaar aangesien die navorsingsmetodologie gebaseer is op erkende metodes.

Vraag 6(c) Watter nuwe navorsingsgeleenthede is deur die studie blootgelê?

**Sleutelstelling 6(c)**

Verskeie nuwe navorsingsgeleenthede is blootgelê. Die belangrikste is sekerlik die meervoudige en komplekse aard van die tughandeling.

Vraag 6(d) Wat is die bydrae van die studie?

**Sleutelstelling 6(d)**

Die studie verskaf inligting en praktiese aanbevelings wat aangewend kan word in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling.

Vraag 6(e) Watter aanbevelings kan gemaak word?

**Sleutelstelling 6(e)**

Die volgende aanbevelings kan gemaak word.

- Die prosesse van die tughandeling moet deurentyd gemoniteer word met betrekking tot die impak wat dit op die gevoelsbelewing van skuld en skande het.
- Pastorale sorg word op alle vlakke van die geloofsgemeenskap se bestaan vereis wanneer die tughandeling van predikante ter sprake kom.

- Professionele pastorale begeleiding is onontbeerlik in die suksesvolle hantering van die trauma van die tughandeling en die hantering en verwerking van gevoelens van skuld en skande.
- Die behoud van ampsbevoegdheid en die herstel tot diensbaarheid behoort prioriteit te geniet tydens die toepassing van en begeleiding tydens die tughandeling.

---

**Tot eer van God.**

**Tot heil van die Kerk.**

**Tot behoud van die sondaar.**

---

"Aan Hom wat magtig is om julle van val te bewaar, en julle sonder vlek met groot vreugde voor sy heerlike teenwoordigheid stelling te laat inneem, aan die ewige God, ons Verlosser op grond van wat Jesus Christus vir ons gedoen het, behoort die heerlikheid, die grootheid, die krag en die mag van altyd af, ook nou en vir altyd. Amen."

Judas 22,23

Nuwe Lewende Vertaling